

12. Appèlle- en Beswaarskrifte

12.1 EERSTE RAPPORT VAN DIE REGSDEPUTATE INSAKE APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Art.13A)

A. Ds. E.J. Tiemensma stel die Rapport.

B. Die Rapport en besluite lui soos volg:

1. Opdrag

“Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van die Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word” (1991:540:2).

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 Beswaarskrifte

Die Deputate het die volgende Beswaarskrifte beoordeel:

2.1.1 Prof. B. Spoelstra teen Sinodebesluit 1994 (Acta 1994:651-655, 3, 4 en G).

2.1.2 Beswaarskrif Part. Sinode Wes-Transvaal teen die besluite van die Nasionale Sinodes 1991 en 1994 insake ramings volgens Skriftuurlike beginsels.

2.1.3 Beswaarskrif Suidelike Partikuliere Sinode oor verkiesbaarheid van vroue in die besondere ampte/dienste.

2.1.4 Partikuliere Sinode Transvaal: Gravamen teen besluit van Nasionale Sinode 1973 insake toelating tot die diens van die Woord na afsetting.

2.1.5 Beswaarskrif Suidelike Partikuliere Sinode teen besluite van Sinodes 1964 en 1967 insake die Beroepsbrief en Bevestigingsformuliere vir Sendelinge.

2.1.6 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Wes-Transvaal teen ‘n besluit van die Nasionale Sinode 1964: “neergedaal het na die hel”.

2.1.7 Beswaarskrif: Prof. F.N. Lion-Cachet met betrekking tot die aard, samestelling en die plek van die professore op die vergadering van die Kuratore.

2.2 Appèlle

Die Deputate het die volgende Appèlle met gepaardgaande dokumentasie beoordeel:

2.2.1 Appèl G. Erasmus teen ‘n besluit van die 48e Partikuliere Sinode Noord-Transvaal van November 1995.

2.2.2 Appèl L.S.D. du Plessis en H.L.J. Momberg teen ‘n besluit van die Partikuliere Sinode Namibië van 24 en 25 November 1995.

2.2.3 Kennisgewing is ontvang van prof. B. Spoelstra dat 'n appèl teen 'n sekere besluit van Suidelike Partikuliere Sinode van November 1996 gestuur sal word.

2.2.4 Appèl van Gereformeerde Kerk Waterberg teen werkswyse en besluite van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal van 26 en 27 November 1996.

2.3 *Opmerkings*

2.3.1 Die skopus van die Beswaarskrif van Suidelike Partikuliere Sinode oor verkiesbaarheid van vroue in die besondere ampte/dienste lê op verdere studie wat in die beswaarskrif gevra word en verskil van die Beswaarskrif voor die Sinode van 1988.

Besluit: Kennis geneem van pt.2 - soos gewysig (wysigings reeds aangebring - Deputate Handeling).

3. Die Sinode oorweeg

3.1 Die Deputate het die ontvanklikheid van die Beswaarskrifte wat aan die Nasionale Sinode 1997 gerig is, beoordeel in die lig van Kerkorde-artikels, art. 30, 33 en 46 KO en die betrokke Sinodale besluite ten opsigte van hierdie artikels van die Kerkorde.

3.2 Vir die beoordeling van die ontvanklikheid van die Appèlle is die prosedure gevolg soos deur die Sinode van 1939 (143 e.v.) besluit en gewysig is deur die Sinode 1991 (524-526) (vgl. Kerkordeboekie, 1980:67, 68).

3.3 Die Sinode oorweeg om daaraan aandag te gee dat Beswaarskrifte betyds vir opname in die agenda aangebied word.

Motivering: Die besluit van 1967 soos gewysig in 1994: "om art. 33 KO konsekwent toe pas sodat alleenlik opdragte en sake onder art. 46 KO van Partikuliere Sinodes ter tafel geneem mag word omdat:

(a) Die Partikuliere Sinodes die lasgewer van die Nasionale Sinodes is en

(b) Die sakelyste van die Nasionale Sinodes nie oorlaai behoort te word met onbestudeerde en onverantwoorde "opdragte" nie". (Acta, 1967:350, pt c en Acta, 1994:53, pt 3.4).

Besluit: Goedgekeur.

4. Die Sinode besluit

4.1 Om al die Beswaarskrifte ontvanklik te verklaar in die lig van pt 3.1 van die Deputaterapport.

4.2 Om die Appèl L.S.D. du Plessis en H.L.J. Momberg ontvanklik te verklaar.

4.3 Om die Appèl van G. Erasmus ontvanklik te verklaar.

4.4 Om die Appèl van die Gereformeerde Kerk Waterberg ontvanklik te verklaar.

4.5 Om die Appèl van prof. B. Spoelstra teen 'n sekere besluit van die Suidelike Partikuliere Sinode na die deputate vir beoordeling te verwys sodra die dokumente ontvang word.

Besluit: Goedgekeur. Punt 4.5 word verwys na dieselfde Kommissie.

12.2 TWEEDE RAPPORT VAN DIE REGSDEPUTATE INSAKE APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Artt.37, 59)

A. Ds. P.A. Coetzee stel die Rapport.

B. Die Rapport en besluite lui soos volg:

1. Opdrag

Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van die Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat enige besluit geraak word (Acta 1991:540, 2).

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Beswaarskrifte*

Die volgende Beswaarskrif is beoordeel:

2.1.1 Partikuliere Sinode Wes-Transvaal insake beswaar oor besluit GKSA Sustentasiefondsdeputate.

2.2 *Appèlle*

Die volgende Appèl se ontvanklikheid is beoordeel tesame met gepaardgaande dokumentasie:

2.2.1 Appèl prof. B. Spoelstra teen 'n sekere besluit van Suidelike Part. Sinode, November 1996.

3. Beredenering

3.1 Die ontvanklikheid van die Beswaarskrif en Appèl is beoordeel volgens die kriteria wat reeds gestel is in die Eerste Rapport van die Regsdeputate (punt 3).

3.2 *Beswaarskrif Part. Sinode Wes-Transvaal*

Die Beswaar handel oor sake wat voorkom in die Rapport van die Deputate vir Sustentasiefonds GKSA. Die Part. Sinode Wes-Transvaal se Beswaar gaan dus nie teen 'n besluit van 'n Sinode nie, maar teen 'n sekere werkwyse van die Deputate vir Sustentasiefonds. Daar word ook nêrens aangedui dat die werkwyse deur die Sinode goedgekeur is nie. Die Beswaar hoort dus eerstens op die tafel van die Deputate en nie op die tafel van die Sinode nie.

3.3 *Appèl van prof. B. Spoelstra teen 'n sekere besluit van Suidelike Part. Sinode* is beoordeel.

Volgens die prosedure vir behandeling van Appèlsake (1939, art.135) word onder andere duidelik besluit:

“Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê, en daarnaas die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie”.

In die verklaring van KO, art.31 ten opsigte van die saak, skryf prof. B. Spoelstra in sy boek : Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering (p.198)

“Dit is feitlik onvermydelik en noodsaaklik dat die appellant ‘n gewaarmerkte afskrif van die besluit waarteen geappelleer word, reeds in sy appèl gebruik.”

4. Bevinding

4.1 Beswaarskrif Part. Sinode Wes-Transvaal

Die Beswaarskrif beantwoord nie aan die kriteria nie omdat dit nie ‘n Beswaar is teen ‘n besluit van ‘n kerklike vergadering nie.

4.2 Appèl prof. B. Spoelstra

4.2.1 Daar is in die Appèl ‘n verwysing na ‘n sekere besluit van die Suidelike Part. Sinode sonder om te verwys na die spesifieke artikel waarteen beswaar gemaak word.

4.2.2 Daar is geen offisiële redaksie van die besluit waarteen geappelleer word, in die Appèl gebruik nie.

4.2.3 In die Appèl word egter as Bylae ingesluit die volle verslag van die Appèlkommissie van die Suidelike Part. Sinode, asook die besluit van die Part. Sinode oor die Appèl.

5. Die Sinode besluit

5.1 Om die Beswaarskrif van Part. Sinode Wes-Transvaal onontvanklik te verklaar.

5.2 Om die Appèl van prof. B. Spoelstra ontvanklik te verklaar.

Besluit: Punte 1 tot 3 kennis geneem. Punte 4 en 5 goedgekeur.

12.3 Appèlskrifte

12.3.1 APPÈL G. ERASMUS TEEN 'N BESLUIT VAN DIE 48STE PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL (Artt.65, 196)

Die Sinode gaan in komitee vir die behandeling van al die Appèlle. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie gedeputeer is nie mag in die vergadering bly.

A. Br. G. Erasmus stel die Appèl.

B. Dr. J.L. Venter stel die Verweer namens Part. Sinode Noord-Transvaal.

C. **Besluit:** Die Appèl word na die Kommissie vir Appèlle verwys.

D. Ds. A.L. Coetzer stel die Kommissierapport.

E. Die verweerders en appellante lewer repliek.

F. APPÈL

Afkortings

In hierdie appèl verwys die volgende afkortings na:

Kerkraad	=	Kerkraad van Pretoria-Magalieskruin
Klassis	=	Klassis Noordelike Pretoria van November 1995
Appèlkom-Klassis	=	betrokke Appèlkommissie van voorgenoemde Klassis
Part. Sinode	=	48ste Partikuliere Sinode Noord-Transvaal
Appèlkom-Part. Sinode	=	betrokke Appèlkommissie van voorgaande Part. Sinode.

Besluit waarteen geappelleer word

Handelinge van die 48ste Partikuliere Sinode Noord-Transvaal gehou op 21 en 22 November 1995, Art.47 wat lui:

- Appèlgrond 1 slaag nie
- Appèlgrond 2 slaag nie
- Appèlgrond 3 slaag nie
- Appèlgrond 4 slaag nie

Hiermee saam gaan die Rapport van die betrokke Appèlkommissie (Bylae O) met sy beredeneringe en bevindings wat daaruit opgebou is en die basis vorm van die aanbevelings van die Appèlkommissie wat tot voorgenoemde besluit(e) van die Part. Sinode aanleiding gegee het.

Gronde van Appèl

Die besluite van die Part. Sinode krenk telkens die reg deur sy uitspraak ten gunste van die beslissing van die Klassis Noordelike Pretoria om die volgende redes:

1. *Appèlgrond 1* (Bylae O: Par 3.1 Appèlkom-Part. Sinode verwys)
1.1 In my motivering het ek aangetoon dat die besluit van die Kerkraad formeel nie juis is nie, dit wil sê die bewoording wat die besluit dra, is vals. Die Appèlkom-Part. Sinode bevestig dit in werklikheid deur sy beredenering met die volgende: Dit blyk dat die Kerkraad nie handel oor die suster se gewetensbeswaar oor die '83-vertaling nie. Die Kerkraad se besluit handel daarvoor dat sy beswaar het teen die gebruik van die '83-vertaling in lesaanbiedinge en die gebruik daarvan deur die kinders (Bylae O, par.3.1).

Die besluit van die Kerkraad soos dit op papier deurgegee is, lees: Dat in die lig van die feit dat suster Erasmus 'n gewetensbeswaar het teen die gebruik van die 1983-vertaling en ook die gebruik daarvan in lesaanbiedinge, sy versoek word om...as hulpkategeet te onttrek.

Die Kerkraad skryf sy motief is onder andere die gewetensbeswaar van die suster. Die Appèlkom-Part. Sinode sê dit blyk dat die kerkraadsbesluit gaan oor haar beswaar teen die gebruik van die '83-vertaling in die lesaanbiedinge en die gebruik daarvan deur die kinders. Dit gaan spesifiek nie oor haar gewetensbeswaar nie!

Hieruit blyk dat die Appèlkom-Part. Sinode die formele betekenis van dit wat daar staan, self gaan interpreteer, terwyl ek juis daarop gewys het dat hierdie verskil in bewoording, en die werklike betekenis, verskil en dus vals (of ten minste misleidend) was. Die Appèlkom-Part. Sinode bevestig dus juis dit wat ek beweer, maar sê dan dat die Kerkraad se motief nie vals is nie. Dit is nie die taak van die Appèlkommissie om in hierdie punt te bepaal wat die Kerkraad eintlik bedoel het nie, maar wel om te bepaal of die Kerkraad sy besluit korrek verwoord het. As die Kerkraad skryf hy besluit dat die suster se gewetensbeswaar en weiering om die 1983-vertaling in die klas te gebruik die rede is, mag die Part. Sinode nie heengaan en sê dit het nie gegaan oor haar gewetensbeswaar nie. En dan las die Part. Sinode nog 'n stertjie daarby - en die gebruik daarvan deur die kinders - wat nie bewys is nie en as leuen aangedui is.

1.2 Die Part. Sinode krenk die reg deur my motivering (Bylae L, par.1.1(a), (b), (c), (d) en (e)) van die ware aanleiding en bestaan van die suster se gewetensbeswaar en praktyk in die lesaanbieding baie jare bekend was, te ignoreer en self te formuleer wat die motief van die Kerkraad was, al verskil dit met wat die Kerkraad self aan die suster geskryf het.

1.3 In sowel my appèl na die Klassis as die Part. Sinode het ek daarop gewys dat die bewering dat suster Erasmus die kinders verbied het om die '83-vertaling te gebruik, vals is. Hierdie leuenbewering in die verweer van die Kerkraad en die beredenering van die Appèlkom-Klassis (Bylae M, par.7.3.1) en die Appèlkom-Part. Sinode (Bylae O, par.3.1) is 'n oortreding van die Negende Gebod en krenk die reg om daardie rede. Die Appèlkom-Part. Sinode kondoneer naamlik hierdie valse bewering van die Kerkraad en Klassis en handel daarmee regs krenkend.

2. Appèlgrond 2 (Appèlkom-Part. Sinode, par.4 verwys)

Die Part. Sinode krenk my reg deur te bevind dat die saak nie 'n Matt 18 saak is nie en wel om die volgende redes:

2.1 Soos in my appèl na die Klassis en die Part. Sinode aangetoon is, was die behandeling van die saak ondubbelsinnig die gevolg van 'n klag van 'n ouerpaar via die wyksouderling (Bylae L, par.2.1 en Bylae N, par.2.1). Die Kerkraad was tog sedert 1985 deurentyd bewus van die inhoud waaroor die Kerkraad eers na ontvangs van die klag gehandel het. As haar optrede strydig was met die wense van die Kerkraad, (a) het hulle dus nie nodig gehad om op 'n klag te wag nie en (b) is hulle nog steeds inkonsekwent in hul optrede omdat ten

minste twee ander hulpkategete ook om gewetensbeswaar slegs die 1953-vertaling in lesaanbieding gebruik. Die Part. Sinode gaan dus regs krenkend akkoord dat die Kerkraad diskrimineer en die Klassis beredeneer dat gewetensdwang nie deur die suster toegepas mag word nie (Bylae M, par.7.3.1).

2.2 'n Kerkraad handel kerklike sake op kerklike wyse, dit wil sê aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art.30). Daar is geen ander manier waarop 'n klag teen 'n lidmaat gehanteer kan word as KO, artt. 71-76 nie en hierdie Kerkorde-artikels omskryf onder andere 'n praktiese werkswyse wat op Matt 18 gegrond is. Ook KO, art.72 wat deur die Part. Sinode genoem word, is die praktiese uitbouing van die beginsel wat in Matt 18 gestel word. Die Part. Sinode beredeneer: *"In hierdie geval gaan dit oor 'n hulpkategeet wat in haar lesaanbieding onder toesig van die kerkraad opgetree het"* asof daar geen klag was nie. Dis regs krenkende omseiling van die feit dat die Kerkraad op 'n klag onregmatig gereageer het deur nie behoorlik die klag te ondersoek nie, naamlik of dit korrek, en/of die ouerpaar dit eers met die suster opgeneem het en of die klag in wese (leerstellig) gegrond is.

2.3 Afsetting van 'n hulpkategeet met verskaffing van redes, is 'n vorm van dissiplinêre handeling. Soos ek telkens op die Part. Sinode gesê het: "Waar daar geen wet is nie, is daar geen oortreding nie". Om geen-oortreding dissiplinêr te hanteer, is behandeling anders as langs die kerklike weg en dus regs krenkend. Die Kerkraad het geen ander riglyne om 'n klag te behandel as KO, artt.71-76. Matt 18 bestaan nie net uit verse 15 en 16 nie soos ek uitvoerig in my appèl na die Klassis aangedui het (vergeelyk Bylae L, par.2.2).

3. *Appèlgrond 3* (Bylae O, par.5, Appèlkom-Part. Sinode verwys)

In my appèl na die Klassis stel ek: "Daar was tot met die besluit van 95/02/28 geen riglyne wat die alleengebruik van die 1953-vertaling vir kategeese verbied of die *naasmekaar* van die vertalings gebied nie".

Die Kerkraad het in 1991 besluit dat die twee vertalings naasmekaar gebruik **mag** word. Dit het ook vir die katkisasie gegeld. Dit het geen verpligting op enige hulpkategeet geplaas nie. Suster Erasmus het teweens met medewete van die toesighoudende ouderlinge en beide leraars voortgegaan om slegs die 1953-vertaling te gebruik" (Bylae L, par.2.3).

Die Appèlkommissie van die Klassis beredeneer: "Die appellant lewer geen bewys dat die stand van sake voor 95/02/28 aan enige kategeet die reg gee om alleenlik die 1953-vertaling te gebruik en dan die gebruik van die 1983-vertaling deur die katkisant op grond van persoonlike besware te verbied nie. 'Naasmekaar' impliseer vanselfsprekend dat nie een van die twee alleenreg ten opsigte van

die gebruik in katkisasie het nie, en gewetensdwang mag na geen kant toegepas word nie".

Die Bevinding: "Die appellant lewer nie bewys dat die kategeet ... die reg gehad het om alleenlik die 1953-vertaling ten koste van die reg van die 1983-vertaling se gebruik, te gebruik nie".

Hieroor voer ek in my appèl na die Part. Sinode aan dat die Klassis nie die aard van my appèlgrond behandel nie, maar daaromheen stuur.

3.1 Die "aard" gaan in my appèl oor die betekenis van die kerkraadsbesluit in sy implikasie wat hul besluit oor suster Erasmus gehad het, naamlik dat dit nie die suster kan dwing om beide naasmekaar te gebruik nie - veral nie as sy haar besware duidelik geformuleer en die Kerkraad nie op die begronding van haar standpunt ingegaan het nie en steeds weier om daarop in te gaan. Daar is geen inherente reg tot die gebruik van die 1983-vertaling nie. Daarmee omseil die Klassis die primêre aard van my appèlgrond en die Part. Sinode beweer regskenkend dat dit nie die geval is nie.

In werklikheid het die suster juis beide vertalings naasmekaar gestel toe sy verduidelik het dat die 1983-vertaling vol foute is. Dit het naamlik gegaan oor die "gewelf" en die "uitspansel" van Genesis 1 in die betrokke les.

3.2 Die deel waarin ek aantoon dat die suster met medewete van beide predikante en elke toesighoudende ouderling slegs die 1953-vertaling in die klas gebruik het, gekoppel aan en kwalifiserend tot die eerste sin, word regskenkend geïgnoreer.

3.3 Gewetensdwang het verskillende vlakke van intensiteit. As die hulpkategeet sou sê sy gebruik nie die 1983-vertaling nie, en die Kerkraad beskou haar standpunt as strydig met sy besluit van 'naasmekaar mag', dan is dit 'n oppervlakkige dwang wat haar opgelê word. Sou sy egter sê dat sy om beginselredes nie die 1983-vertaling in die klas gebruik nie, word dit 'n ernstige saak wat ten minste deur die Kerkraad ondersoek moet word. Stel sy daarby haar besware teen die 1983-vertaling op skrif - in 'n boekie (Bewaar my Woord 1989 en 1992) sowel as in 'n 10-bladsy kommentaar op die boekies *Ken en Vertrou* op versoek van die organiseerder van die katkisasie (1994) - en toon daarin aan dat die vertaling in stryd is met die Gereformeerde belydenis - en die Kerkraad gaan nie op die besware in nie, maar verwag en vereis nogtans van haar om die 1983-vertaling te gebruik, is dit 'n baie ernstige saak as die Kerkraad haar weiering om die 1983-vertaling in die klas te gebruik, met afsetting finaliseer.

Laasgenoemde het in hierdie geval gebeur en is tog blatante gewetensdwang as die Kerkraad van haar sou vereis om te onttrek omdat sy nie beide vertalings gebruik nie. Om háár as gewetensbindend te kwalifiseer - gegrond op die sogenaamde 'reg'

van die gebruik van die 1983-vertaling - is geen Bybelse begroning nie en weereens 'n geval waar die Klassis regs krenkend vir die Kerkraad stry.

4. Appèlgrond 4 (Par.6, Appèlkom-Part. Sinode verwys)

Die Part. Sinode krenk my reg deur die bewering dat ek nie die beredenering van die Klassis in Appèlgrond 4 hanteer nie.

Motivering

Die Appèlkom-Part. Sinode rapporteer soos volg (Bylae O, par.6.1): *"In die appèl na die Klassis voer die appellant aan dat die Kerkraad gewetensdwang toepas. Die Klassis toon aan dat die bewyslas vir hierdie standpunt by die appellant berus, en bevind dat die appellant nie bewys gelewer het dat die Kerkraad gewetensdwang toegepas het nie. In die Appèlgrond 4 voor die Part. Sinode hanteer die appellant glad nie hierdie beredenering van die Klassis nie."* Dit is waar dat ek nie die beredenering van die Klassis genoem het nie, maar dit bewys nie dat ek die beredenering nie gehanteer het nie. In my appèl na die Part. Sinode stel ek dit soos volg: *"Die Klassis fouteer deur te bevind dat die Kerkraad van Magalieskruin nie gewetensdwang toepas in sy besluit nie"*. Hierop volg dan 'n uiteensetting van waarom dit wel gewetensdwang was en dit is basies 'n herhaling van die motivering wat aan die Klassis voorgelê is maar waarvan die Klassis bevind het ek bewys nie my stelling nie. Hiermee hanteer ek tog duidelik die beredenering van die Klassis. Die Klassis het gesê "is-nie" en ek sê "is". Dis die Klassis wat nie my motiverings behandel het nie maar 'n eie beredenering rondom die sogenaamde reg van die 1983-vertaling opgebou het en die suster van gewetensdwang beskuldig. Dit is en was vir my so duidelik dat ek bewys lewer van die gewetensdwang dat ek dit slegs nodig gevind het om hierdie bewysvoering te herhaal, aangesien die Klassis beweer dat ek dit nie gedoen het nie. Dit wil voorkom asof ek met hierdie handeling in my appèl na die Part. Sinode te hoflik was. Skynbaar moet ek eerder gesê het hulle moet hulle so-en-so se oë oopmaak en kyk wat in par.2.4.1 tot 2.4.5 van my appèlskrif (Bylae L) staan voordat hulle sê ek bewys nie my stelling nie!

Die Klassis krenk my reg deur te beweer ek lê nie bewys voor van gewetensdwang nie, terwyl ek dit wel gedoen het en die Part. Sinode krenk eweneens my reg deur te beweer dat ek nie die Klassis se beredenering gehanteer nie. Wat doen ek dan anders as dit in par.2.4 van my appèl na die Part. Sinode? Daarin dui ek aan dat die suster gemotiveerde beginselware teen die 'amptelike' gebruik van die 1983-vertaling het, maar die Kerkraad tree diskriminerend slegs teen haar op. Daarom kom die optrede van die Kerkraad neer op gewetensdwang.

Lys van Bylaes:

- Bylae A: 'n Kort geskiedenis van die saak
- Bylae B: Notule van die Kerkraadsvergadering van 28/02/95
- Bylae C: Eerste brief van die Kerkraad aan sr. Erasmus (28/02/95)
- Bylae D: My brief van beswaar aan die Kerkraad (10/03/95)
- Bylae E: Eerste verslag van die Kerkraadskommissie (Bylae 15 van die Kerkraadsvergadering van 12/03/95)
- Bylae F: Notule van die Tweede Kerkraadsvergadering van 12/03/95
- Bylae G: Brief van die Kerkraad in antwoord op my beswaar (13/03/95)
- Bylae H: Verslag van die Tweede Kommissie wat voorgaande brief afgelewer het (Bylae 6 van die Kerkraadsvergadering van 28/03/95)
- Bylae I: Onderneming van suster Erasmus t.o.v. voortgesette hulpkatgesse
- Bylae K: Derde brief van die Kerkraad (gedateer 22 April 1995)
- Bylae L: Appèl na die Klassis Noordelike Pretoria (Notule van die Klassis Noordelike Pretoria gehou op 17 Okt 1995)
- Bylae M: Rapport van die Appèlkommissie van die Klassis Noordelike Pretoria soos voorgedra op sy vergadering van 17 Okt 1995
- Bylae N: Appèl na die Part. Sinode Noord-Transvaal
- Bylae O: Rapport van die Appèlkommissie 48ste Part. Sinode Noord-Transvaal

G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Die Sinode neem kennis

1.1 *Opdrag*: Om die Sinode te adviseer oor bogenoemde appèl.

1.2 *Stukke ter insae*:

Die volgende geskrewe stukke was ter insae:

- 1.2.1 Bylae A: 'n Kort geskiedenis van die saak
- 1.2.2 Bylae B: Notule van die Kerkraadsvergadering van 28/02/95
- 1.2.3 Bylae C: Eerste brief van die Kerkraad aan sr. Erasmus (28/02/95)
- 1.2.4 Bylae D: My brief van beswaar aan die Kerkraad (10/03/95)
- 1.2.5 Bylae E: Eerste verslag van die Kerkraadskommissie (Bylae 15 van die Kerkraadsvergadering van 12/03/95)
- 1.2.6 Bylae F: Notule van die Tweede Kerkraadsvergadering van 12/03/95
- 1.2.7 Bylae G: Brief van die Kerkraad in antwoord op my beswaar (13/03/95)

- 1.2.8 Bylae H: Verslag van die Tweede Kommissie wat voorgaande brief afgelewer het (Bylae 6 van die Kerkraadsvergadering van 28/03/95)
- 1.2.9 Bylae I: Onderneming van suster Erasmus t.o.v. voortgesette hulpkategeese
- 1.2.10 Bylae K: Derde brief van die Kerkraad (gedateer 22 April 1995)
- 1.2.11 Bylae L: Appèl na die Klassis Noordelike Pretoria (Notule van die Klassis Noordelike Pretoria gehou op 17 Okt 1995)
- 1.2.12 Bylae M: Rapport van die Appèlkommissie van die Klassis Noordelike Pretoria soos voorgedra op sy vergadering van 17 Okt 1995
- 1.2.13 Bylae N: Appèl na die Part. Sinode Noord-Transvaal
- 1.2.14 Bylae O: Rapport van die Appèlkommissie 48ste Part. Sinode Noord-Transvaal

1.3 *Toeligting:*

Die volgende persone het toeligting in die Kommissie gegee:

- 1.3.1 Br. G. Erasmus, die appellant.
- 1.3.2 Sr. J. Erasmus, eggenote van die appellant en gewese hulpkategeet.
- 1.3.3 Dr. J.L. Venter, verweerder Part. Sinode Noord-Transvaal.

1.4 *Agtergrond van die Appèl:*

1.4.1 'n Ouer het teen die appellant se eggenote (as hulpkategeet vir die St.3 klas) beswaar aangeteken. Die ouer het al 'n eerste keer sy kind aan die katkisasieklas vir Gr.1 vier jaar tevore uit 'n vroeëre katkisasieklas by dieselfde hulpkategeet onttrek.

1.4.2 Die ouer se beswaar gaan teen die hulpkategeet se kritiek teen die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling wat telkens in die katkisasieklas deur die hulpkategeet geopper is.

1.4.3 In 'n gesprek van die dominee met die hulpkategeet het sy onderneem "om minder 'pertinent' op verskille te wys" en "om as hulpkategeet terug te staan as die Kerkraad dit wenslik ag" (Bylae A - appellant se weergawe van die verloop van die saak, pt.4).

1.4.4 Die Kerkraad versoek die suster om haar wel van die kategeese te onttrek "...vanweë haar 'gewetensbeswaar' teen die 1983-vertaling".

1.4.5 Vanweë die versoek van die Kerkraad het die hulpkategeet se eggenoot, br. G. Erasmus na beswaar by die Kerkraad, na die Klassis geappelleer. Sy appèl by die Klassis slaag nie.

1.4.6 Hierna appelleer br. Erasmus na die Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 waar sy appèl eweneens nie slaag nie. Gevolglik appelleer hy na die Nasionale Sinode 1997.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 1.

2. Die Sinode beoordeel

2.1 *Eerste Appèlgrond*

“...dat die besluit van die Kerkraad formeel nie juis is nie, dit wil sê die bewoording wat die besluit dra, is vals” (Appèlskrif 1.1).

Besluit: Kennis geneem.

2.1.1 Appèlkommissie se beoordeling:

2.1.1.1 Die appellant voer aan dat Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 die reg krenk deur te oordeel dat sy appèlgrond dat die Kerkraad van Pretoria-Magalieskruin se besluit vals is, nie slaag nie.

2.1.1.2 Die Kerkraad se besluit volgens sy brief aan die suster lui: “Dat in die lig van die feit dat sr. Erasmus ‘n gewetensbeswaar het teen die gebruik van die 1983-Vertaling en ook die gebruik daarvan in lesaanbiedinge, sy versoek word om ... as hulpkategeet te onttrek” (Bylae C, brief van Kerkraad aan sr. Erasmus 28/2/1995).

2.1.1.3 Die appellant oordeel egter dat die werklike rede vir die Kerkraad se versoek, nie die hulpkategeet se “gewetensbeswaar” is nie, maar die verslag van die wyksouderling nl. dat die egpaar hulle kind aan die katkisasie onttrek het.

2.1.1.4 Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 oordeel: “Dit blyk dat die besluit van die Kerkraad nie handel oor die suster se gewetensbeswaar oor die 1983-Verklaring nie. Die Kerkraad se besluit handel daarvoor dat sy beswaar het teen die gebruik van die 1983-Verklaring in haar lesaanbiedinge en gebruik daarvan deur die kinders”.

2.1.1.5 U Kommissie oordeel dat die Kerkraad se versoek aan die suster om haar van die kategese te onttrek, óf op grond van haar gewetensbeswaar teen die 1983-Vertaling, óf op grond van haar beswaar om dié Vertaling in haar lesaanbiedinge te gebruik, op dieselfde neerkom.

2.1.1.6 Die beswaar van die betrokke ouer het die suster se gewetensbesware teen die 1983-Vertaling pertinent onder die Kerkraad se aandag gebring en a.g.v. hierdie besware versoek die Kerkraad haar om van die kategese te onttrek.

Besluit: Die hele punt 2.1.1 word goedgekeur.

2.1.2 Appèlkommissie se bevinding:

2.1.2.1 U Kommissie bevind dat al is Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 se beredenering oor die aangeleentheid nie suiwer nie, is sy bevinding korrek, nl. dat die Kerkraad nie valse voorstellings in sy besluit maak nie.

2.1.2.2 Inderdaad was die suster se gewetensbeswaar teen die 1983-Vertaling die oorsaak dat ‘n ouer vir ‘n tweede keer sy kind aan die suster se katkisasieklas onttrek en dat die Kerkraad dus met reg die suster se gewetensbesware teen die 1983-Vertaling aangevoer het as sy rede waarom hy haar versoek, om haar aan die kategese te onttrek.

2.1.2.2 U Kommissie bevind derhalwe dat die Part. Sinode se uitspraak nie regskenking veroorsaak het nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.3 Appèlkommissie se aanbeveling:

Die eerste Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Tweede Appèlgrond*

“Dat Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 die reg gekrenk het deur te oordeel dat die aangeleentheid nie ‘n Matt 18 saak is nie” (Appèlkommissie se eie woorde).

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1 Appèlkommissie se beoordeling:

2.2.1.1 Die appellant voer aan dat daar ‘n klag teen die hulpkategeet gelê is en wat derhalwe nie anders as volgens KO, artt.71-76, waarin Matt 18 ‘n bepaalde weg aantoon, behandel kon word nie.

2.2.1.2 Die appellant voer aan dat die Kerkraad “die klag” nie behoorlik ondersoek het en ‘n uitspraak daarvoor gegee het nie.

2.2.1.3 Verder meen die appellant dat die “afsetting” van die hulpkategeet “‘n vorm van dissiplinêre handeling” is wat nie op ‘n kerklike wyse uitgeoefen is nie.

2.2.1.4 Die wyksouderling het egter slegs gerapporteer: “Weens beswaar teen die hulpkategeet vir St.3 onderneem ‘n egpaar om hulle kind hierdie jaar self te onderrig” (Bylae B).

2.2.1.5 U Kommissie oordeel dat geen melding gemaak word van ‘n klag volgens KO, art.74 van die ouers teen die hulpkategeet nie. Artt.72-77, KO en Matt 18 is nie van toepassing nie: hier is nie sprake van ‘n geheime sonde nie en ook nie ‘n klag teen iemand se leer of lewe nie.

2.2.1.6 Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 oordeel tereg dat die kerkordelike weg van Matt 18 nie ter sprake is nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Appèlkommissie se bevinding:

Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 het nie die reg gekrenk deur te oordeel dat die weg van Matt 18 volgens KO, art.72 nie van toepassing was nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Appèlkommissie se aanbeveling:

Die tweede Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Derde Appèlgrond*

“Daar was tot en met die besluit van 28/02/1995 geen riglyne wat die alleengebruik van die 1953-Vertaling vir kategese verbied of die naasmekaar (appellant se eie beklemtoning - Rapporteurs) van die vertalings geskied nie” (Appèlskrif, pt.3).

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1 Appèlkommissie se beoordeling:

2.3.1.1 Die appellant maak die afleiding dat daar geen Kerkraadsbesluit was wat die suster verbied om die 1953-Vertaling eintlik alleen as gesagvol te gebruik nie.

2.3.1.2 Die appellant interpreteer die Kerkraad se besluit só dat dit nie inhou dat die suster die 1983-Vertaling hoof te gebruik nie: “Daar is geen inherente reg tot die gebruik van die 1983-Vertaling nie”. Die “naasmekaar”-gebruik van die twee vertalings word deur die appellant geïnterpreteer as ‘n regverdiging van ‘n metode om telkens die 1983-Vertaling vanuit die 1953-Vertaling (as norm) in die katekisasieklasse te kritiseer.

2.3.1.3 Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 bevind tereg dat die appellant nie bewys lewer dat die suster voor die 28.2.1995-Besluit van die Kerkraad (in die lig van die Kerkraadsgebruik van “naasmekaar”-gebruik) die reg gehad het om alleenlik die 1953-Vertaling ten koste van die 1983-Vertaling in die kategeese te gebruik nie.

2.3.1.4 Die “naasmekaar” impliseer vanselfsprekend dat nie een van die twee vertalings alleenreg ten koste van die ander een in die kategeese het nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 Appèlkommissie se bevinding:

U Kommissie oordeel dat Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 nie die reg gekrenk het deur nie aan die appellant se siening van die alleengebruik van die 1953-Vertaling en die naasmekaar gebruik van die twee vertalings gelyk te gee nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.3 Appèlkommissie se aanbeveling:

Die derde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Vierde Appèlgrond*

“Die Part. Sinode krenk my reg deur die bewering dat ek nie die beredenering van die Klassis in Appèlgrond 4 hanteer nie” (Appèlskrif, pt.4).

Die beredenering van die Klassis t.o.v. Appèlgrond 4 behels die volgende: “Die besluit (van die Kerkraad : rapporteurs) kan op twee maniere hanteer word: Deur te konformeer of indien daar geen eensgesindheid oor die besluit is nie, iemand se gewete gedwing word, of hy of sy in sy of haar reg gekrenk word, kan hy of sy appelleer teen die besluit” (Klassis Appèlkommissie se Rapport 7.4.1, Bylae M).

Besluit: Kennis geneem.

2.4.1 Appèlkommissie se beoordeling:

2.4.1.1 Die appellant voer gewetensdwang aan omdat die Kerkraad van die suster verwag om ook van die 1983-Vertaling in die kategeese gebruik te maak.

2.4.1.2 Die appellant meen dat die 1983-Vertaling onder meer "...nie die belydenis begrond nie" en daarom lê die gebruik daarvan gewetensdwang op die suster.

2.4.1.3 Die Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 oordeel tereg dat as die Kerkraad se besluit oor die gebruik van die 1983-Vertaling vir die suster gewetensbindend sou wees sy tog daarteen 'n beswaar moes indien of moes appelleer. Die feit dat sy dié weg nie volg nie, laat vir haar slegs die alternatief om te konformeer met die Kerkraadsbesluit.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.2 Appèlkommissie se bevinding:

2.4.2.1 U Kommissie oordeel dat die weg van appèl teen 'n Kerkraadsbesluit in die geval van gewetensbeswaar, deur die Klassis in sy beredenering aangetoon is (Bylae M, pt.7.4.1).

2.4.2.2 Part. Sinode Noord-Transvaal 1995 oordeel tereg dat die appellant nie hierdie "beredenering van die Klassis hanteer het nie," d.w.s. nie die weg van appèl volgens KO, art.31 teen die Kerkraadsbesluit oor die gebruik van beide Vertalings gevolg het nie.

2.4.2.3 In hierdie beoordeling van die Part. Sinode het hy derhalwe nie die reg gekrenk nie, maar 'n feit gekonstateer.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.3 Appèlkommissie se aanbeveling:

Die vierde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Oor die afsonderlike Appèlgronde*

3.1.1 Eerste appèlgrond (2.1.3)

Die appèlgrond slaag nie.

3.1.2 Tweede appèlgrond (2.2.3)

Die appèlgrond slaag nie.

3.1.3 Derde appèlgrond (2.3.3)

Die appèlgrond slaag nie.

3.1.4 Vierde appèlgrond (2.3.4)

Die appèlgrond slaag nie.

3.2 *Oor die Appèl in sy geheel:*

Die Appèl slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

12.3.2 APPÈL L.S.D. DU PLESSIS EN H.L.J. MOMBERG TEEN 'N BESLUIT VAN PARTIKULIERE SINODE NAMIBIë (Art.66, 193)

- A. Ds. L.S.D. du Plessis stel die Appèl.
- B. Ds. R.J.P. du Plessis stel die Verweer namens Part. Sinode Namibië.
- C. **Besluit:** Die Appèl word na die Kommissie vir Appèlle verwys.
- D. Ds. T. Kruger stel die Kommissierapport.
- E. Die verweerders en appellante lewer repliek.

F. APPÈL

Inhoudsopgawe

Afdeling 1	Historiese agtergrond
Afdeling 2	Besluit waarteen geappelleer word
	Kennisgewing van appèl aan Part. Sinode Namibië
Afdeling 3	Appèl teen die besluit van Part. Sinode Namibië November 1995 te Windhoek-Suid, art.47:9
	Appèlgronde
Afdeling 4	Bylaes
	Bylae 1 Rapport Studiedeputate Tweede erediens (Meerderheid) (Acta Part. Sinode Namibië 1994, art.25 B)
	Bylae 2 Minderheidsrapport: Studiedeputate Tweede erediens (Acta Part. Sinode Namibië 1994, art.25 A)
	Bylae 3 Beswaarskrif: Ds. H.L.J. Momberg i.s. Tweede erediens (Acta Part. Sinode Namibië 1995, art.20.2)
	Bylae 4 Rapport, Beswaarskrifkommissie i.s. Tweede erediens (Acta Part. Sinode Namibië 1995, art.47)
	Bylae 5 Kennisgewing van appèl aan Part. Sinode Namibië (Studemateriaal waarna verwys word sal deur die afgevaardigdes van die Part. Sinode beskikbaar gestel word.)

Afdeling 1. Historiese agtergrond

1.1 By een van die gemeentes uit Klassis Nossob het vroeë ontstaan oor die noodsaaklikheid van die hou van die Tweede erediens (vgl. Handeling Part. Sinode 1994:52, 2 - kyk Bylae 1).

1.2 Gevolglik het 'n adviesvraag hier via Klassis Nossob by die Part. Sinode Namibië gediën.

1.3 Part. Sinode Namibië het Studiedeputate aangewys om beginselriglyne en praktiese riglyne aan die kerke te gee oor die Tweede erediens oor die algemeen, maar meer besonderlik in vakansietye (vgl. Handeling Part. Sinode Namibië 1994:52, 1.1 en 1.2 - kyk Bylae 1).

1.4 Die Studiedeputate het hulle Rapport gelewer op Part. Sinode Namibië 1994 (Bylae 1).

1.5 By dieselfde Part. Sinode het 'n Minderheidsrapport gediën waarvoor die Part. Sinode geoordeel het om van punt 1 kennis te neem, behalwe die heel laaste sin daarvan, wat geskrap is, en dat die res van die Rapport nie behandel is nie, behalwe punt 3.1 wat goedgekeur is (Handelinge Part. Sinode Namibië 1994:52 - kyk Bylae 2).

1.6 Aangaande Part. Sinode 1994 se besluit in die onderhawige saak het een van die appellante 'n Beswaarskrif ingediën by Part. Sinode 1995 (Handelinge Part. Sinode Namibië 1995:18, 20.2 - kyk Bylae 3).

1.7 In die besluitneming wat daarop gevolg het, het die Beswaarskrifkommissie die Part. Sinode geadviseer (kyk Rapport Beswaarskrifkommissie oor Tweede erediens, Handelinge Part. Sinode Namibië:83, 47 - hierby ingediën as Bylae 4) en die Part. Sinode het besluit dat die Beswaarskrif in geheel nie slaag nie (vgl. Handelinge Part. Sinode Namibië 1995:87, 9).

1.8 Hierna het die appellante aan die Part. Sinode kennis gegee dat hulle na die Nasionale Sinode wil appelleer (kyk Bylae 5).

Afdeling 2. Besluit waarteen geappelleer word

2.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode Namibië 24 en 25 November 1995, art.47.9

"AANBEVELING OOR BESWAARSKRIF IN GEHEEL

Beswaarskrif slaag nie.

Motivering: Die feit dat Beswaargrond 5 slaag, raak nie die beswaar in sy wese nie, aangesien die motivering in die 'bevindinge' gestalte gevind het.

BESLUIT: Goedgekeur dat die Beswaarskrif nie slaag nie."

2.2 Kennisgewing van voorneme om te appelleer: 'n afdruk van die oorspronklike kennisgewing met datum daarop word hierby aangeheg as Bylae 5.

Afdeling 3. Appèl teen besluit van Part. Sinode Namibië

3.1 Appèlgrond 1

Die Part. Sinode skend die beginsel van waarheid deur Beswaargronde so op te som in die eie woorde van 'n Kommissie, sodat dit nie meer die besware uitdruk soos wat die Beswaarskrif gemeen het om te doen nie.

Beredeneringe

3.1.1 Die Kommissierapport Part. Sinode se opsomming van Beswaargrond 3 (Bylae 4:84, 3) is 'n verdraaiing van die oorspronklike beswaargrond. Dit gaan nie oor **of** ter sake Skrifgronde nie behandel is nie, maar daarvoor dat die Part. Sinode

nie bereid was om die Skrifgronde wat die Minderheidsrapport aangedien het, te behandel nie, en nogtans verklaar het dat daar vir die hoeveelheid eredienste geen Skrifgronde bestaan nie.

3.1.2 Die Opsomming 7.1, en Beredenering 7.1.1 (Bylae 4, Acta 1995:86) is 'n verdraaiing van die oorspronklike Beswaargrond 7.

3.1.2.1 Dit handel in Beswaargrond 7 nie maar net daaroor dat KO, art.62 verkeerdelik gebruik is, soos die opsomming suggereer nie, maar veral ook **oor die besondere wyse** waarop dit verkeerdelik gebruik is, naamlik dat dit gebruik is om die vryheid van die Kerkraad in die reël van eredienste te verduidelik, terwyl KO, art.62 en veral die gedagte van vryheid daarin, nie oor die eredienste gaan nie, maar oor die wyses waarop die Nagmaal gevier kan word.

3.1.2.2 Die Kommissie Part. Sinode het gevolglik die regskenking **soos die Beswaarskrif dit aangetoon het**, nie beantwoord nie, omdat beredenering 7.1.1 geensins op die aangeduide diskrepansie ingaan nie.

3.1.3 Opsomming van Beredenering 7.2, 7.1.2 (Bylae 4, Acta 1995:86) is 'n verdraaiing van oorspronklike Beswaargrond 7.

3.1.3.1 Beswaargrond 7 het naamlik aangetoon hoe KO, artt.62, 63 en 64 die vryheid van die Kerkraad in die hou van die Nagmaal kwalifiseer, maar dat die Studierapport hierdie beperkinge nie in berekening gebring het toe hulle dieselfde beginsel van vryheid op die reël van eredienste toegepas het nie.

3.1.3.2 Deur Beswaargrond 7 op te som om bloot te lui asof beswaar gemaak word dat "Artikel 62 buite verband met die res van die Kerkorde gebruik word," is nie waar nie.

3.1.3.3 Beredenering 7.1.2 is dus nie 'n antwoord op oorspronklike Beswaargrond 7 nie, maar op die Kommissie se opsomming daarvan.

3.1.4 Die opgesomde Kommissie-bewoording van Beswaargrond 8 (Bylae 4, Acta 1995:86) is 'n verdraaiing en 'n verskraling daarvan.

3.1.4.1 Die beswaar is nie daarteen dat die bediening van die genademiddels uitsluitlik aan die Kerkraad oorgelaat word nie.

3.1.4.2 Die Kerkraad bly verantwoordelik vir die bediening in die gemeente.

3.1.4.3 Die beswaar gaan daaroor dat die Studierapport toelaat dat die Kerkraad sy eie verantwoordelikheid nakom sonder dat hy sy eenheid hieroor in kerkverband in verband met ons afspraak rondom KO, art.69 ag en sonder dat hy die toesig hieroor deur naburige kerke in kerkverband bevestig (vgl. Sinode 1939, art.49; Sinode 1945, artt.167(e), 198; Sinode 1949, art.10; Sinode 1955:185, 3.b.(4); en Bylae by Kerkorde, artt.41 en 42, punt 1, vraag 1).

3.2 Appèlgrond 2

In sy antwoord (Bylae 4, Kommissierapport:83, 1.1.1 en :84, 2.1.1 en 2.1.2) op die Beswaarskrif (Bylae 3:19, Beswaargronde 1 en 2), is die Part. Sinode in botsing met sy eie vorige besluit.

Beredenering

3.2.1 Die Part. Sinode het die woord "Kerkorde" in 'n baie kritiese studiebevinding uitgeskrap (Bylae 1:53, 4.4).

3.2.2 Die Part. Sinode het dus die besondere studiebevinding "dat daar geen spesifieke aantal eredienste beveel word - in die Skrif, Belydenis of Kerkorde nie ... (terwyl hulle eiehandig die woord "Kerkorde" daaruit geskrap het) so gewysig dat hy 'n bepaalde boodskap daarmee oorgedra het: dat die Kerkorde nie met die ander twee bronne saampraat nie.

3.2.3 'n Noodwendige betekenis van die skrapping van die woord "Kerkorde" laat die ruimte dat dit selfs moontlik kan wees dat die Kerkorde dalk die teendeel van die ander twee bronne (Skrif en Belydenis) op hierdie punt verkondig.

3.2.4 Hierdie bedekte boodskap wat die Part. Sinode (kennisnemende) oorgedra het, het hy egter in sy antwoord op die Beswaarskrif daarteen ontken deur te stel "dat art.68 wel bestudeer is en bevind is dat hierdie artikel nie 'n spesifieke aantal eredienste op 'n Sondag beveel nie" (Bylae 4:83, 1.1.1), en sy daad om die woord "Kerkorde" daaruit te skrap, so verdraai asof hy eintlik bedoel het dat die Kerkorde werklik op hierdie punt niks anders as die Skrif en Belydenis verkondig nie - ja erger, asof hy inderwaarheid nooit die woord "Kerkorde" uit die kritiese studiebevindinge geskrap het nie.

3.2.5 Gevolglik verduidelik die Part. Sinode sy wysiging aan sy Studierapport in sy antwoord op die Beswaarskrif rakende die gronde vir sy wysiging op sy Studierapport, so asof hy eintlik nie 'n wysiging op sy Studierapport aangebring het nie.

3.2.6 Een van twee moontlikhede moet dan die waarheid wees : óf die Part. Sinode is nie eerlik oor die betekenis van sy handeling nie, óf die Part. Sinode interpreteer sy handeling in stryd met die betekenis daarvan.

3.3 Appèlgrond 3

Die Part. Sinode lê die beswaarde valslik woorde of motiewe in die mond met hulle beredenering (Bylae 4:84, 1.1.2) asof dit die beswaarde se onbewese stelling sou wees om te meen dat KO, art.68 'n spesifieke aantal eredienste beveel.

Beredenering

3.3.1 Die beswaarde het nêrens sodanige standpunt of stelling gemaak nie.

3.3.2 Die beswaarde het inderdaad aangedui (Bylae 3:19, Beswaargrond 1) dat die Part. Sinode sy eie onsekerheid oor die betekenis van KO, art.68 verraaï het en daarom die woord "Kerkorde" uit sy studiebevindinge in die betrokke sin geskrap het.

3.4 Appèlgrond 4

Die Part. Sinode skend die reg volgens KO, art.31 deur te verklaar dat "die onus op die beswaarde rus om te bewys dat art.68 'n spesifieke aantal eredienste reël en nie net 'n stelling daarvoor maak nie" (Bylae 4, Acta 1995:84, 1.1.2).

Beredenering

3.4.1 Die belangrike punt om hier in gedagte te hou is die feit dat KO, art.68 van 'n bepaalde **veronderstelling** uitgaan: dat daar gebruiklik elke Sondag ten minste 'n tweede erediens plaasvind.

3.4.2 Die is immers nie die taak van hulle wat die Kerkorde aanvaar soos dit is, om te bewys dat dit reg is nie, maar dit is die taak van hulle wat die veronderstellings van die Kerkorde nie as voorskrif wil aanvaar nie, op wie die onus rus om kragtens die reg van KO, art.31 te bewys dat sodanige veronderstellings onbybels, onkonnessioneel en onkerkordelik is - en meer: dit is ook hulle taak om te bewys dat hulle verandering wel Bybels, konfessioneel en kerkregtelik verantwoord is en dat hulle voorstelle van so 'n aard is dat die kerk reformerend nader aan - en terug na die eise van die Skrif, God meer welbehaaglik dien as tans.

3.5 *Appèlgrond 5*

Die beredenering van die Part. Sinode in 2.1.1 en 2.1.2 (Bylae 4, Acta 1995:84) is botsend met mekaar en oortuig daarom nie dat regskenking volgens die oorspronklike Beswaargrond 2 (Bylae 3, Acta 1995:19) nie plaasgevind het nie.

Beredenering

3.5.1 In wese is 2.1.1 (Bylae 4, Acta 1995:84) 'n skulderkenning op die Beswaargrond 2.

3.5.2 Punt 2.1.2 (Bylae 4, Acta 1995:84) is gewoon onwaar aangesien die uiteindelijke studie-aanbevelings gebaseer is, ook op hierdie bevinding 4.4 (Bylae 4, Acta 1994:53) soos dit gewysig is.

3.5.3 Verder moet raakgesien word dat daar beswaar gemaak is teen die **optrede** van die Part. Sinode (meer nog - die wyse waarop die Part. Sinode sy optrede motiveer of nie motiveer nie), wat tot sy eindelike besluit aanleiding gegee het, en nie teen die besluit ('om kennis te neem') as sulks nie.

3.6 *Appèlgrond 6*

Die Kommissierapport Part. Sinode bedek die waarheid aangaande die saak wat handel oor die bestudering van die ter sake Skrifgedeeltes (Bylae 4, Acta 1995:84, 3.1).

Beredenering

3.6.1 Die betrokke teks wat deur die Minderheidsrapport aangedien is (vgl. Bylae 2, Acta 1994:50, 2.2 (iii)), het inderdaad nie in die studiemateriaal voorgekom nie.

3.6.2 Die Part. Sinode wou nie die aangebode teks behandel nie (vgl. Bylae 2, Acta 1994:52, Besluit 2) en daarom is die Beredenering 3.1

(Bylae 4, Acta 1995:84, 3.1) leuenagtig en het regs krenking dus by Bevinding en Besluit 3.2 (Bylae 4, Acta 1995:84, 3.2) plaasgevind omdat dit op 'n leuen gegrond was.

3.7 *Appèlgrond 7*

Die redenasie van die Part. Sinode in punt 9 (Bylae 4, Acta 1995:87) dat die feit dat Beswaargrond 5 slaag, nie die beswaar in sy wese raak nie, aangesien die motivering in die "Bevindinge" gestalte gevind het, is regs krenkend.

Beredenering

3.7.1 Deur te bevind dat Beswaargrond 5 slaag, het die Part. Sinode erken dat sy besluit in 5.3 sonder die nodige motivering staan.

3.7.2 Dit is immers onmoontlik dat 'n besluit tegelykertyd sonder motivering en tog ook met motivering kan staan.

3.7.3 Die redenasie in punt 9 is eintlik 'n regstreekse weerspreking van sy bevinding dat Beswaargrond 5 slaag. Alle bevindinge behoort op goedgekeurde beginselgronde te staan. Deur te erken dat dit in hierdie geval nie so is nie, het die Sinode Beswaargrond 5 laat slaag, en dit is dus onmoontlik dat motivering in "Bevindinge" gestalte kon kry as dit in wese daarsonder geneem is.

3.7.4 Hierdie laaste redenasie was die Part. Sinode se verduideliking waarom die geslaagde Beswaargrond 5 die beswaar nie in sy wese raak nie.

3.7.5 Aangesien die Part. Sinode se verduideliking eintlik 'n weerspreking van sy bevinding op Beswaargrond 5 is, is dit nie geldig nie, en gevolglik is dit ook nie geldig dat die geslaagde Beswaargrond 5 die beswaar nie in sy wese raak nie.

3.8 *Appèlgrond 8*

Die Beredenering in 6.1 (Bylae 4, Acta 1995:86) is misleidend.

Beredenering

3.8.1 Dit is onmoontlik dat tyd, plek en omstandighede aan die eer van God ondergeskik gestel is, wanneer dit in die Studierapport soos gewysig is (Bylae 4, Acta 1994:54, 5.3) sintakties redevoerend die eer van God voorafgaan.

3.8.2 Wanneer tyd, plek en omstandighede etiesgesproke die plek inneem voor die eer van God, beland mens in die vaarwaters van die situasie-etiek.

3.8.3 Die korrekte voorbeeld van hoe iets gestel behoort te word vind ons onder andere in die woordorde van die NGB, art.2 wat lui: "Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is **tot sy eer en tot die saligheid van hulle** (ons beklemtoning) wat aan Hom behoort".

3.9 *Appèlgrond 9*

Die Beredenering 7.1.1 (Bylae 4, Acta 1995:86) is in stryd met KO, artt.31 en 86.

Beredenering

3.9.1 Om die Kerkorde as 'n reglement af te wys is wel nie verkeerd nie, maar om dan weer die Kerkorde as blote riglyne te bestempel, is om te misken dat dit op meerdere vergaderings besluit is onder leiding van die Gees, en tensy bewys kan word dat dit in stryd met die Skrif is, dat dit vas en bindend is.

3.9.2 Geen kerkraadsbesluit is immers net 'n riglyn nie, behalwe as dit duidelik so bewoord word.

3.9.3 Terwyl die Kerkorde niks anders as 'n meerdere kerkraadsvergaderingsbesluit is nie, moet dit as meer as 'n riglyn gesien word, naamlik as 'n voorskrif.

3.10 *Samevattend*

'n Wettige konklusie wat sowel uit die Studierapport as geheel, en die antwoord van die Part. Sinode op die Beswaarskrif gemaak kan word, is dat dit aanvaarbaar en wettig is, ja erger - dat 'n meerdere vergadering deur die Gees gelei is om te besluit dat dit vir God welgevallig is, wanneer 'n gemeente (waarin daar tans 2 eredienste elke Sondag gehou word) weens tyd, plek en omstandighede besluit om slegs een erediens te hou.

Trouens, laasgenoemde is die rede waarom 'n gemeente uit Klassis Nossob sodanige adviesvraag aan die Klassis gevra het en waarom die Klassis dit as 'n adviesvraag na die Part. Sinode verwys het en waarom die Part. Sinode 'n Studiedeputaatskap benoem het om op die genoemde aangeleentheid in te gaan. Die genoemde **Konklusie** is vir die appellante onaanvaarbaar gesien in die lig van die geweldige bedreiging aan die Efesiërs in Op 2:4, 5.

G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Die Sinode neem kennis

1.1 Opdrag: Om die Sinode te adviseer oor bogenoemde Appèl.

1.2 Stukke ter insae:

1.2.1 Appèlskrif

1.2.2 Meerderheidsrapport: Studiedeputate tweede erediens (Bylae 1).

1.2.3 Minderheidsrapport: Studiedeputate tweede erediens (Bylae 2).

1.2.4 Beswaarskrif: Ds. H.L.J. Momberg insake tweede erediens (Bylae 3).

1.2.5 Rapport: Beswaarskrifkommissie insake tweede erediens (Bylae 4).

1.2.6 Kennisgewing van Appèl aan Partikuliere Sinode Namibië.

1.2.7 Verskeie bylaes tot studie oor die tweede erediens wat gedien het op Partikuliere Sinode Namibië 1994.

1.3 Toeligtig

1.3.1 Die appellante, ds. L.S.D. du Plessis en ds. H.L.J. Momberg

1.3.2 Die verweerders van Part. Sinode Namibië, ds. R.J.P. du Plessis en ds. L.J. Buys.

1.4 Agtergrond

1.4.1 By 'n gemeente in Klassis Nossob het vroe ontstaan oor die noodsaaklikheid van die hou van die tweede erediens, en meer spesifiek ten opsigte van vakansies.

1.4.2 By wyse van 'n adviesvraag kom die saak op die tafel van Partikuliere Sinode Namibië 1993.

1.4.3 Die Partikuliere Sinode wys studiedeputate aan wat in 1994 rapport lewer.

1.4.4 Die studiedeputate lewer 'n meerderheids- en minderheidsrapport.

1.4.5 Die minderheidsrapport word nie behandel nie vanweë die redes wat die rapporteer self in pt. 1 en pt. 3.1 aantoon.

1.4.6 Die Partikuliere Sinode neem sekere besluite op grond van die meerderheidsrapport.

1.4.7 Besware oor sekere van die besluite dien voor Partikuliere Sinode Namibië 1995.

1.4.8 Beswaargrond 5 word deur die Partikuliere Sinode gehandhaaf maar die besluit in sy geheel word afgewys met die motivering dat Beswaargrond 5 nie 'n essensiële beswaar is nie.

Besluit: Van punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

1.5 Opmerkings

1.5.1 Die Beswaar waaroor Part. Sinode Namibië 1995 'n uitspraak moes maak - waaroor dit in hierdie Appèl gaan - is só opgestel dat die bedoeling van die Beswaarde ten opsigte van verskeie Beswaargronde slegs met groot moeite gepeil kan word. Die Part. Sinode kon, met die tyd tot sy beskikking, klaarblyklik nie altyd die eintlike bedoeling van die Beswaar ontsyfer het nie.

1.5.2 Die Appèl gaan in sy wese om 'n waarheidsvraag, nl. of die plaaslike kerk werklik die bevoegdheid het om alleen oor die behoud van die tweede erediens te besluit al dan nie.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode beoordeel

2.1 Eerste Appèlgrond

“Partikuliere Sinode Namibië 1995 skend die beginsel van waarheid deur Beswaargronde so op te som in die eie woorde van 'n Kommissie, sodat dit nie meer die besware uitdruk soos wat die Beswaarskrif gemeen het om te doen nie”.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.1 Die Appèlkommissie se beoordeling

2.1.1.1 Ten opsigte van 3.1.1

2.1.1.1.1 Die appellante beroep hulle in dié Appèlgrond op “Skrifgronde” wat in die Minderheidsrapport aan Part. Sinode Namibië 1994 voorgelê is.

2.1.1.1.2 Part. Sinode Namibië 1994 het die Minderheidsrapport egter nie behandel nie, vanweë [in konteks gelees]:

a. die verklaring in die Minderheidsrapport pt. 1 (waarvan die Part. Sinode kennis geneem het, asook

b. Aanbeveling 3.1 (wat deur die Part. Sinode goedgekeur is).

Beide punte stel dat die indiene van die Minderheidsrapport nie sy opdrag uitgevoer het om ‘n studie van die saak te maak nie en dat hy daarom nie die Meerderheidsrapport kon onderteken nie, en dat hy op ‘n laat stadium kennis gegee het dat hy ‘n Minderheidsrapport gaan indien.

2.1.1.1.3 Die appellante het egter nie teen die besluit van die Part. Sinode, naamlik om nie die Minderheidsrapport te behandel nie, beswaar gemaak nie, waaruit redelikerwyse aangeneem kan word dat hulle die Part. Sinode se besluit oor die Minderheidsrapport aanvaar het.

2.1.1.1.4 Om nou ‘n appèl van regs krenking teen die besluit van die Part. Sinode te begrond op gegewens wat (regmatig) nie deur die Part. Sinode behandel is nie, is ongeldig.

2.1.1.2 Ten opsigte van 3.1.2

2.1.1.2.1 Die appellante voer aan dat die Partikuliere Sinode ‘n verdraaide weergawe (Part. Sinode rapport 7.1 en 7.1.1) van hulle beswaar (Beswaargrond 7) gee en daarom tot ‘n eensydige (verdraaide) beoordeling en bevinding kom.

2.1.1.2.2 Die aanvanklike besluit van die Part. Sinode waarteen die beswaar gaan, lui soos volg:

“Die Part. Sinode is van mening dat die bediening van die twee genademiddele, naamlik Woordverkondiging en Sakramentsbediening in die lig van art. 62 KO ‘n saak van die plaaslike kerk is en daarom die reëling van die erediens, die verantwoordelikheid van die Kerkraad is”.

2.1.1.2.3 Die beswaar teen hierdie besluit (Beswaargrond 7) kom daarop neer dat Part. Sinode Namibië 1994 se besluit ‘n halwe waarheid vertolk, omdat art. 62 KO nie die reëling van eredienste (hoeveelheid op ‘n Sondag) beoog soos deur die besluit beweer nie. Dit gaan hier dus spesifiek oor die vertolking wat Part. Sinode Namibië 1994 aan art. 62 KO geheg het, nl. dat die hoeveelheid eredienste aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat word.

2.1.1.2.4 Part. Sinode Namibië 1995 se weergawe (7.1) en beoordeling (7.1.1) van hierdie beswaar is inderdaad ‘n eensydige weergawe van die beswaar, want dit stel net in die algemeen dat art. 62 KO verkeerdelik gebruik word (7.1).

2.1.1.2.5 Part. Sinode Namibië 1994 het besluit dat plaaslike kerke volgens art. 62 KO self oor die hoeveelheid eredienste op Sondag kan besluit. Hierteen teken die appellante beswaar aan.

2.1.1.2.6 Part. Sinode Namibië 1995 oordeel dat die Kerkorde nie 'n reglement is nie, riglyne gee en dat art. 62 KO "... 'n moontlike riglyn [kan] aandui t.o.v. die inrigting van die erediens oor die algemeen" (7.1.1).

2.1.1.2.7 Part. Sinode Namibië 1995 kom dus nie by die werklike beswaar in die lig van Part. Sinode 1994 se besluit nie, en beantwoord in werklikheid nie die beswaar van die appellante nie, vanweë die Part. Sinode se eensydige weergawe van die beswaar.

2.1.1.2.8 U Appèlkommissie oordeel dat Part. Sinode Namibië 1995 gefouteer het deur Art. 62 KO as begroning te handhaaf vir sy besluit waarvolgens Kerkrade alleen, ongeag die ander kerke kan bepaal om 'n praktyk van een erediens op 'n Sondag te vestig. Hier moet op die feit gewys word dat art. 62 KO nie oor dié aspek handel nie, maar dat art. 68 KO uitdruklik uitgaan van die onderhouding van twee dienste op Sondag en dat die Gereformeerde Kerke saam in Sinode 1939 (art. 49) die gebruik van twee dienste per Sondag bevestig het. Hierdie gebruik is deur die kerke in Sinode 1949 (art. 106, p. 249) en Sinode 1955 (art. 3 b(4), p. 185) herbevestig.

2.1.1.2.9 U Appèlkommissie oordeel dat die praktyk van twee eredienste per Sondag 'n baie ou kerklike tradisie is, wat reeds in 1574 in die Kerkordelike bepalings van die Sinode van Dordrecht (art. 44 en 80) voorkom, en in die Dordtse Kerkorde in 1618/1619 herbevestig word (art. 68). So 'n ou kerklike tradisie wat deur die kerke saam gevorm is, en waaroor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saam besluit het om mekaar op te skerp om dit te onderhou (Acta 1939, art. 49), kan nie as 'n praktyk deur een kerk willekeurig opgehef word nie. Plaaslike omstandighede kan in 'n bepaalde tydsgewrig dit vir 'n plaaslike gemeente baie moeilik of selfs onmoontlik maak om die tweede erediens op Sondag te onderhou, maar daarvoor moet die advies van meer kerke verkry word: "Waar omstandighede 'n tweede diens en opbou van die hele gemeente verhinder, moet liever (met advies van die Klassis) met een diens volstaan [word] ..." (Spoelstra, B., 1989:368-370).

2.1.1.2.10 U Appèlkommissie oordeel dat bostaande uitgangspunt t.o.v. die tweede diens as praktyk (bv. ook in vakansietye) geld, en dat dit nie die bevoegdheid van die plaaslike kerk t.o.v. *ad hoc* reëlings, by geleentheid, m.b.t. die tweede diens aan bande lê nie.

2.1.1.3 Ten opsigte van 3.1.3

2.1.1.3.1 Die tweede deel van Beswaargrond 7 wat voor Part. Sinode Namibië 1995 gedien het, gaan daarvoor dat Part. Sinode 1994 art. 62 KO buite sy konteks aanhaal, wat nie wegneem dat daar "eksplisiete

gebondenhede” is waaroor die kerke met mekaar ooreengekom het en waarvan ‘n plaaslike kerk dus nie eiewillig mag afwyk nie.

2.1.1.3.2 Part. Sinode Namibië 1995 se weergawe van die tweede deel van die Beswaargrond lui: “Art. 62 KO word buite verband met die res van die KO gebruik” (7.2). Die Part. Sinode se “Beredenering” daarop lui: “Daar is geen grond hiervoor nie, aangesien daar in die bevindinge oor ander KO-artikels gehandel word” (7.1.2).

2.1.1.3.3 Die Part. Sinode beoordeel egter nie die beswaar wat aanvoer dat daar “eksplisiete gebondenhede” in die KO is wat nie in Part. Sinode Namibië 1994 se besluit verreken is nie, omdat hy die deel van die beswaar nie in sy weergawe gee nie.

2.1.1.4 Ten opsigte van 3.1.4

2.1.1.4.1 Die beswaar lui: “Die Part. Sinode dwaal om die bediening van die genademiddele as ‘n saak van die plaaslike kerk en die verantwoordelikheid van die Kerkraad te beskou sonder om die eenheid hierin en die afspraak (art. 86 KO) en selfs toesig (art. 44 KO) hieroor in kerkverband te bevestig”. Die Part. Sinode se weergawe lui: “Bediening van genademiddels word uitsluitlik aan die Kerkraad oorgelaat”.

2.1.1.4.2 Die Part. Sinode se beredenering van die Beswaar lui: “Die Part. Sinode van 1994 verwys juis in 5.1 na die KO wat eenheid en afspraak bevestig en sodoende nie die konteks van die KO ontken en/of verontagsaam nie”.

2.1.1.4.3 Appellante het gelyk. Beswaargrond 8 voor die Part. Sinode 1995 het daarvoor gegaan dat die Kerkraad in die bediening van Woord en Sakramente ook gebonde is aan besluite wat die kerke in eenheid met mekaar (in Sinode) geneem het, soos dit in die KO reflekteer (art. 62).

2.1.1.4.4 Die Part. Sinode beantwoord nie die Beswaar nie, maar beantwoord sy onvolledige weergawe van die Beswaar, waardeur die Beswaar nie hanteer word nie.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.1.4 goedgekeur.

2.1.2 Appèlkommissie se bevinding

Die appellante toon genoegsaam aan dat Part. Sinode Namibië 1995 t.o.v. twee Beswaargronde soos uiteengesit in 3.1.2, 3.1.3 en 3.1.4, hulle eie eensydige weergawe daarvan beoordeel het en derhalwe nie die betrokke Besware beantwoord het nie.

Besluit Goedgekeur.

2.1.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 1 slaag en dit beteken dat Part. Sinode Namibië 1995 Beswaargronde 7 en 8 wat voor hom gedien het, eensydig weergegee en beoordeel het.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Tweede Appèlgrond*

“In sy antwoord op die Beswaarskrif is die Part. Sinode in botsing met sy eie besluit”.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.2.1.1 Part. Sinode Namibië 1994 het besluit: “Daar is geen bindende gronde in die Skrif, Belydenis en Kerkorde wat ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag beveel nie (4.4). Besluit: “Die woord “Kerkorde” word geskrap en van die res van pt. 4.4 word kennis geneem”.

2.2.1.2 Teen hierdie besluit word ‘n onduidelike geformuleerde Beswaar (Beswaargrond 1) by Part. Sinode Namibië 1995 aangeteken.

2.2.1.3 Part. Sinode Namibië 1995 som die Beswaar in sy eie weergawe reg op: “Dat die Kerkorde wel bindende gronde bevat wat ‘n spesifieke aantal eredienste op Sondag beveel” (pt. 1 Rapport Part. Sinode 1995).

2.2.1.4 Die Tweede Appèlgrond beweer dat “die Part. Sinode in botsing met sy eie vorige besluit” is.

2.2.1.5 Part. Sinode 1994 het pertinent besluit om die woord “Kerkorde” te skrap uit ‘n stelling dat daar “geen bindende gronde in die Skrif, Belydenis en Kerkorde [is] wat ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag beveel nie”. Dit skep die indruk dat Part. Sinode 1994 oordeel dat die KO wel moontlik bindende gronde bevat wat “‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag” betref.

2.2.1.6 Part. Sinode Namibië 1995 oordeel dat “vanuit die studiemateriaal wat die deputate van die 1994 Part. Sinode ter insae gehad het, blyk dat art. 68 KO wel bestudeer is en bevind is dat hierdie artikel nie ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag beveel nie. Dit handel eerder oor die Christelike leer wat verkondig moet word. Hier verwys ons na Spoelstra se verklaring van art. 68 van die KO p. 370” (1.1.1).

2.2.1.7 Part. Sinode 1995 verduidelik nie waarom Part. Sinode 1994 die woord “Kerkorde” geskrap het nie, maar voer aan “dat art. 68 KO wel bestudeer is en bevind is dat hierdie artikel nie ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag beveel nie”. Uit 4.8 asook 4.8.1 en 4.8.2 van Part. Sinode 1994 se besluit blyk dit dat die uitspraak van Part. Sinode 1995 korrek is, nl. dat Part. Sinode 1994 art. 68 KO wel bestudeer het en tot die genoemde bevinding gekom het.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Appèlkommissie se bevinding

2.2.2.1 Die appellante voer hier op ‘n onduidelik wyse ‘n botsing tussen Part. Sinode 1995 en Part. Sinode 1994 se besluite aan.

2.2.2.2 Die feit dat Part. Sinode 1995 nie verklaar waarom Part. Sinode 1994 ‘n bepaalde woord uitgelaat het nie, is nog nie ‘n bewys

daarvan dat Part. Sinode 1995 se uitspraak met dié van Part. Sinode 1994 bots nie.

2.2.2.3 Die gewaande botsing van besluite is egter nie die punt waarom dit gaan in Part. Sinode 1995 se beoordeling van Beswaargrond 1 nie. Die appellante verstrik hulleself hier in die bedoeling van hulle Beswaar en die formulering daarvan. Die punt in die geding (t.o.v. Beswaargrond 1) is kennelik dat Part. Sinode 1995 tereg besluit het dat art. 68 KO “nie ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag beveel nie”, maar dat dieselfde Part. Sinode in gebreke bly om waar te neem dat art. 68 KO wel **uitgaan** van ‘n praktyk (tradisie) van twee eredienste op ‘n Sondag. Omdat hierdie tradisie baie eeue lank deur die kerke gesamentlik gevestig en onderhou is, en nie deur Part. Sinode 1994 as verkeerd of onhoudbaar bewys word nie, is die Part. Sinode se uitspraak nie gegrond dat daar geen bindende gronde is wat ‘n spesifieke aantal eredienste op ‘n Sondag noodsaak nie.

2.2.2.4 Appèlgrond 2 word egter nie hierteen gerig nie, maar teen ‘n onbeholpe bewering van ‘n botsing tussen Part. Sinode 1995 en Part. Sinode 1994 se besluite, wat nie werklik relevant is m.b.t. die uitspraak oor die beswaar waarteen geappelleer word nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Derde Appèlgrond 3 (3.3)*

“Die Part. Sinode lê die Beswaarde valslik woorde of motiewe in die mond met hulle beredenering (Bylae 4:84, 1.1.2) asof dit die Beswaarde se onbewese stelling sou wees om te meen dat KO art. 68 ‘n spesifieke aantal eredienste beveel”.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.3.1.1 Part. Sinode Namibië 1995 bevind: “Die onus berus nou op die beswaarde om te bewys dat art. 68 spesifieke aantal eredienste reël en nie net ‘n stelling daarvoor maak nie” (1.1.2).

2.3.1.2 Hiermee wil die Part. Sinode te kenne gee dat die Beswaarde nie geslaag het om aan te toon dat of hoe art. 68 KO gronde bied vir die onderhouding van twee eredienste op ‘n Sondag nie.

2.3.1.3 Hierop appelleer die appellante in sterk woorde, nl.: “Die Part. Sinode lê die beswaarde valslik woorde of motiewe in die mond met hulle beredenering ...”

2.3.1.4 Die appellante bly egter in gebreke om te bewys dat die Part. Sinode “valslik woorde of motiewe” in die mond van die beswaarde gelê het.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.2 Appèlkommissie se bevinding

Hierdie Appèlgrond bly ietwat onbegryplik en moet as irrelevant in konteks met Part. Sinode Namibië 1995 se afwysing van 'n bepaalde beswaar aangemerkt word.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Vierde Appèlgrond*

“Die Part. Sinode skend die reg volgens KO art. 31 deur te verklaar dat ‘die onus op die Beswaarde rus om te bewys dat art. 68 ‘n spesifieke aantal eredienste reël en nie net ‘n stelling daarvoor maak nie’ (Bylae 4, Acta 1995:84, 1.1.2)”.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.4.1.1 Die appellante voer aan dat die Part. Sinode die reg skend, volgens art. 31 KO, deur te verklaar dat “die onus op die beswaarde berus om te bewys dat art. 68 ‘n spesifieke aantal eredienste reël en nie net ‘n stelling daarvoor maak nie’ (3.4).

2.4.1.2 Dan bied hulle in hulle “Beredenering” die motivering aan wat juis in die Beswaar (Beswaargrond 1) voor Part. Sinode 1995 moes gedien het, ‘n motivering wat die Part. Sinode moontlik in staat kon stel om ‘n behoorlike beoordeling van die Beswaar te kon maak.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.2 Appèlkommissie se bevinding

2.4.2.1 Die feit is dat die Beswaarde in gebreke gebly het om gronde uit art. 68 KO aan te toon waarvolgens twee eredienste gehou word. Die Beswaarde voer die Kerkorde slegs as “‘n gesagvolle faktor” aan wat uit Part. Sinode 1994 se “bevinding 4.4 weggeneem is” (4.2.3).

2.4.2.2 Hiermee het die Beswaarde inderdaad nie **bewys** dat art. 68 KO volgens die praktyk van waar dié artikel uitgaan, gronde vir twee eredienste op ‘n Sondag bied nie en het die Beswaarde inderdaad “net ‘n stelling” oor die KO in hierdie verband gemaak.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 *Vyfde Appèlgrond*

“Die beredeneringe van die Part. Sinode in 2.1.1 en 2.1.2 (Bylae 4, Acta 1995:84) is botsend met mekaar en oortuig daarom nie dat regskrenking volgens die oorspronklike Beswaargrond 2 (Bylae 3, Acta 1995:19) nie plaasgevind het nie”.

Besluit: Kennis geneem.

2.5.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.5.1.1 Part. Sinode 1995 beredeneer Beswaargrond 2 wat aanvoer dat die Part. Sinode “sonder gesagvolle motivering uit die Skrif, Belydenis en KO besluit dat die woord “Kerkorde” geskrap moet word, deur te stel dat:

- a. Part. Sinode 1994 sonder motivering op die skrapping van die woord “Kerkorde” besluit het, en
- b. dat bevindinge nie deel van die besluite van die Part. Sinode geword het nie.

2.5.1.2 Die Appèlgrond voer aan dat (a) en (b) onder 2.5.1.1 hierbo met mekaar in botsing is “en oortuig daarom nie dat regskenking volgens die oorspronklike Beswaargrond nie plaasgevind het nie”.

2.5.1.3 U Appèlkommissie oordeel dat (a) en (b) onder 2.5.1.1 hierbo nie noodwendig in botsing met mekaar is nie - en dat dié beweerde botsing in elk geval nie deur die appellante bewys word nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.5.2 Appèlkommissie se bevinding

Die appellante voer hier ‘n irrelevante grond aan wat nie werklik die wese van die beswaar en derhalwe die Appèl dien nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.5.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 5 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 *Sesde Appèlgrond*

“Die Kommissierapport Part. Sinode bedek die waarheid aangaande die saak wat handel oor die bestudering van die ter sake Skrifgedeeltes (Bylae 4, Acta 1995:84, 3.1)”.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.6.1.1 Appèlgrond 6 kom wesenlik met die eerste beredenering van Appèlgrond 1 (Appèlskrif 3.1.1) ooreen.

2.6.1.2 Die Beswaar wat voor Part. Sinode Namibië 1995 gedien het is daarteen gerig dat Part. Sinode 1994 nie ‘n bepaalde teks wat in die Minderheidsrapport genoem word as ‘n beweerde Skrifgrond vir twee eredienste op ‘n Sondag behandel het nie. In die appellante se eie woorde was Part. Sinode 1994 “nie bereid om gepretendeerde Skrifgronde soos vervat in die Minderheidsrapport (2.2, iii, p. 50) te behandel nie”.

2.6.1.3 Part. Sinode 1995 stel dit egter dat die Deputate wat vir Part. Sinode 1994 ‘n rapport moes voorberei, juis bereid was om ter sake Skrifgedeeltes te behandel.

2.6.1.4 Die vraag is of die klaarblyklike rede waarom Part. Sinode 1994 nie die Minderheidsrapport behandel het nie, 'n geldige rede was - maar hierteen het die appellante geen beswaar aangeteken nie en derhalwe met hulle stilswye te kenne gegee dat hulle die Part. Sinodebesluit in dié verband aanvaar.

Besluit: Goedgekeur.

2.6.2 Appèlkommissie se bevinding

U Appèlkommissie oordeel dat die beswaar dat 'n Skrifteks nie deur Part. Sinode Namibië 1994 behandel is wat in die Minderheidsrapport genoem word, nie 'n geldige grond is nie, want daar was uitdruklike redes waarom die Part. Sinode nie die Minderheidsrapport behandel het nie en daarteen het die appellante nie beswaar aangeteken nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.6.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 6 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *Sewende Appèlgrond*

Die redenasie van die Part. Sinode in punt 9 (Bylae 4, Acta 1995:87) dat die "feit dat Beswaargrond 5 slaag" nie die beswaar in sy wese raak nie, aangesien die motivering en die "Bevindinge" gestalte gevind het, is regs krenkend.

Besluit: Kennis geneem.

2.7.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.7.1.1 Die besluit van Part. Sinode Namibië 1994 lui soos volg: "Dat elke Kerkraad in hierdie saak sal handel soos dit met inagneming van tyd, plek en omstandighede tot eer van God en tot die meeste stigting van die gemeente sal wees" (5.3).

2.7.1.2 Die appellante se beswaar teen bogenoemde besluit lui soos volg: "Dat die Part. Sinode die studiebevindinge nie getoets of vir sy rekening geneem het nie".

2.7.1.3 Part. Sinode 1995 laat hierdie beswaar slaag.

2.7.1.4 Die appellante se betoog oor die ongemotiveerdheid van bg. besluit (5.3), wil te kenne gee dat dit 'n besluit is wat nie Skrifdekking of Belydenis- of Kerkordedekking het nie, en dat Part. Sinode 1995 se beslissing dat dit 'n ongemotiveerde besluit is, wel die wese van die hele Beswaar raak.

2.7.1.5 Aan die een kant het Part. Sinode 1995 gesê dat die besluit van Part. Sinode 1994 (5.3) "sonder die nodige motivering staan", "aangesien die 'bevindinge' slegs van kennis geneem is" (Bylae 4, Part. Sinode 1995:85 pt. 5.1.2). Aan die ander kant sê dieselfde Part. Sinode dat hierdie bevinding nie die wese van die Beswaar raak nie "aangesien die motivering in die bevinding gestalte vind" (Bylae 4, Part. Sinode 1995:87 pt. 9). Hierdie uitspraak is 'n teenstrydigheid.

Besluit: Goedgekeur.

2.7.2 Appèlkommissie se bevinding

2.7.2.1 Kennelik bedoel die appellante met hulle betoog dat besluit 5.3 van Part. Sinode 1994 'n ongemotiveerde besluit is, eintlik dat dit 'n foutiewe besluit is. Hierom gaan die hele beswaar en die appèl immers.

2.7.2.2 Die appellante is reg daarin dat die feit dat besluit 5.3 nie gemotiveerd is nie, die wese van die Beswaar raak.

2.7.2.3 Die Beswaar gaan immers daarom dat die Part. Sinode besluit het dat elke Kerkraad self oor die tweede diens kan besluit. Die hele Beswaar trek juis in hierdie besluit (5.3) saam.

Besluit: Goedgekeur.

2.7.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 7 slaag.

Besluit Goedgekeur.

2.8 *Agtste Appèlgrond*

“Die beredenering in 6.1 (Bylae 4, Acta 1995:86) is misleidend”.

Besluit: Kennis geneem.

2.8.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.8.1.1 Die appellante probeer aantoon dat Part. Sinode 1995 die eer van God ondergeskik aan tyd, plek en omstandighede gestel het.

2.8.1.2 Part. Sinode Namibië 1995 se besluit lui dat “tyd, plek en omstandighede ondergeskik gestel [word] aan die eer van God ...”. Dit is 'n bevestiging van Part. Sinode Namibië 1994 se besluit wat lui: “Dat elke Kerkraad in hierdie saak sal handel soos dit met inagneming van tyd, plek en omstandighede tot eer van God en tot die meeste stigting van die gemeente sal wees” (5.3).

2.8.1.3 Omdat die Part. Sinode nie “die eer van God” in sy formulering sintaksies voor “tyd, plek en omstandighede” genoem het nie, redeneer die appellante dat dit nie die Part. Sinode se bedoeling was om die eer van God voorop te stel nie.

2.8.1.4 Hierin bly die appellante in gebreke om aan te toon wat die eer van God in die besluit moes wees.

Besluit: Goedgekeur.

2.8.2 Appèlkommissie se bevinding

Dit is moeilik om die appellante se redenasie te begryp. Hulle slaag egter nie om te bewys dat Part. Sinode Namibië 1995 se uitspraak hieroor “misleidend” is, soos hulle in die Appèlgrond aanvoer nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.8.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 8 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 *Negende Appèlgrond*

“Die beredenering 7.1.1 (Bylae 4, Acta 1995:86) is in stryd met KO, artt. 31 en 86”.

Besluit: Kennis geneem.

2.9.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.9.1.1 Die appellante voer aan dat die Kerkorde nie as blote riglyne beskou kan word nie.

2.9.1.2 Hulle sê: “Terwyl die Kerkorde niks anders as ‘n meerdere kerkraadsvergaderingsbesluit is nie, moet dit as meer as ‘n riglyn gesien word, naamlik as ‘n voorskrif” (3.9.3).

Besluit: Goedgekeur.

2.9.2 Appèlkommissie se bevinding

2.9.2.1 Hierdie appèlgrond is irrelevant m.b.t. die appèl waaroor dit gaan. Hier word ‘n sydelingse appèlgrond geloods teen ‘n Kerkordebeskouing wat uit Part. Sinode 1995 se besluit (7.1.1) spreek wat niks t.o.v. Part. Sinode 1994 se besluit oor die tweede diens bewys nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.9.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Appèlgrond 9 slaag nie.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.9.3 word goedgekeur.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Oor die afsonderlike Appèlgronde*

3.1.1 Eerste Appèlgrond (2.1.3)

Dié Appèlgrond slaag en dit beteken dat Part. Sinode Namibië 1995 Beswaargronde 7 en 8 wat voor hom gedien het, eensydig weergegee en beoordeel het.

3.1.2 Tweede Appèlgrond (2.2.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.3 Derde Appèlgrond (2.3.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.4 Vierde Appèlgrond (2.4.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.5 Vyfde Appèlgrond (2.5.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.6 Sesde Appèlgrond (2.6.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.7 Sewende Appèlgrond (2.7.3)

Dié Appèlgrond slaag.

3.1.8 Agtste Appèlgrond (2.8.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

3.1.9 Negende Appèlgrond (2.9.3)

Dié Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Die hele punt 3.1 word goedgekeur.

3.2 *Oor die Appèl in sy geheel*

3.2.1 Die Eerste en Sewende Appèlgronde van die Nege slaag.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Omdat dié Appèl in sy wese meer oor 'n waarheidsvraag uitsluitel vra, interpreteer u Kommissie die uitslag van die Appèl soos volg:

Nóg die appellante nóg die Part. Sinode Namibië kan volkome gelyk gegee word. Die waarheid lê tussen dié twee standpunte:

* Die selfstandigheid van die plaaslike kerk hou in dat hy die eredienste reël (kyk 2.1.1.2.10).

* Die onderlinge geloofsgemeenskap van die kerke hou in dat oor gevestigde gebruike (kerklike usansie), soos die praktyk van die tweede erediens, waarop in die Kerkorde ooreengekom is, nie deur kerke alleen besluit word nie (kyk 2.1.1.2.8 en 2.1.1.2.9).

Besluit: Punt 3.2.2 verval. 'n Nuwe punt 3.2.2 word goedgekeur wat soos volg lui: Die Appèl slaag op kardinale gronde.

12.3.3 APPÈL Geref. KERK WATERBERG TEEN WERKSWYSE EN BESLUIT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL, 26 EN 27 NOVEMBER 1996 (Artt.67, 194)

Die adunk-skriba, dr. C.F.C. Coetzee neem vir die behandeling van hierdie Appèl waar as voorsitter aangesien die voorsitter by die gestelde saak betrokke was en die ondervoorsitter 'n deputaat is van Part. Sinode Noord-Transvaal. By die behandeling van die Rapport van die Appèlkommissie neem die skriba ds. D. Postma waar as voorsitter.

A. Dr. W.P. du Plessis stel die Appèl.

B. Dr. J.L. Venter stel die verweer namens die Part. Sinode Noord-Transvaal.

C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na die Appèlkommissie.

D. Ds. P.A. Coetzee stel die rapport van die Appèlkommissie.

E. Repliek word agtereenvolgens gelewer deur die toeligter van die Kommissierapport, die verweerdere en die appellante.

F. APPÈL:

1. Handeling waarteen geappelleer word

Die Kerkraad van die Geref. Kerk Waterberg appelleer teen die volgende Handeling van die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal in sitting 26 en 27 November 1996:

1.1 Die werkswyse van die Appèlkommissie van die Partikuliere Sinode soos verwoord in die Rapport van die Appèlkommissie artikels 1.3 asook 1.3.3

“U kommissie het die volgende broeders aangehoor: “(art.1.3) ...” Twee bedienaars van die Woord wat aangetoon het dat die werkswyse van die Gereformeerde Kerk Waterberg ten opsigte van

genoemde saak spanning by sommige lidmate laat ontstaan. Genoemde broeders voel aan dat genoemde saak 'n saak is wat die totale kerkverband raak" (art.1.3.3 - BYLAE A).

Van hierdie werkswyse van die Appèlkommissie neem die Partikuliere Sinode kennis (art.48 - BYLAE B) sonder enige verdere kommentaar.

1.2 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 1: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 1 slaag naamlik: "*Die aankoms van die persoon uit Venda is beslis vir die Kerkraad 'n groot verleentheid*".

1.3 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 2: slaag" en "appèlgrond 3: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 2 en 3 slaag naamlik: "*Die Kerkraad het nie voorheen met erns gesoek na 'n geleentheid om die Evangelie volgens roeping plaaslik uit te dra na ander volke nie, intendeel, die Kerkraad het sy roeping, wat Sending betref, skreiend verwaarloos*" asook "*dit bevestig slegs dat die Kerkraad na aankoms van die swart lidmaat, Sending wil doen*" (art.4.2 - BYLAE A).

(1. In hierdie dokument beteken die woorde "Partikuliere Sinode" die **Partikuliere Sinode Noord-Transvaal** in sitting 26 en 27 November 1996 tensy anders gestel.)

1.4 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 4: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 4 slaag naamlik "*Bogenoemde beredenering bied geen enkele grond om die swart lidmaat bywoning van die eredienste in die kerk te weier nie*".

1.5 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 5: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 5 slaag naamlik "*Ons is absoluut oortuig daarvan dat die besluit van die Kerkraad wel deeglik 'n innerlike teenstrydigheid bevat*" (art.4.4 - BYLAE A).

1.6 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 5: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 6 slaag naamlik "*Die persoon uit Venda is beslis bywoning van eredienste in Gereformeerde Kerk Waterberg geweier op grond van ras en kleur*" (art.4.5 - BYLAE A) asook die bevinding van die Partikuliere Sinode: "*Dit is ... duidelik dat dit in die genoemde saak oor kleur gaan en daarom ook oor ras*" (art.4.5.2 - BYLAE A).

1.7 Die besluit van die Partikuliere Sinode ("appèlgrond 7: slaag" art.48 - BYLAE B) waarvolgens appèlgrond 7 slaag naamlik "*Uit bogenoemde beredenering blyk dit duidelik dat die Klassis self ook beseft dat die dilemma, waarvoor die Kerkraad "tyd" vra, daarin geleë is dat die persoon, om wie die hele probleem gaan, swart is....*" (art.4.6 - BYLAE A) asook die bevinding van die Partikuliere Sinode "*Dit is duidelik dat die sogenaamde "eerste situasie" wat blyk 'n verleentheid te wees daaraan toegeskryf word dat br.*

Mathobo swart is. Die term “swart” is telkens in dokumentasie van die Kerkraad gebruik” (art.4.6.2 - BYLAE A).

2. Gronde van die Appèl

2.1 Eerste appèlgrond

2.1.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode

Ons verwys na volledige aanhaling van werkswyse van die Appèlkommissie van die Partikuliere Sinode, rapport van die Appèlkommissie van genoemde Partikuliere Sinode asook die besluit van die Partikuliere Sinode in hierdie verband (art.1.1 hierbo verwys).

2.1.2 Die appellante beredeneer

Die Appèl wat op die Partikuliere Sinode gedien het was ‘n Appèl teen ‘n besluit van Klassis Waterberg. Nou gebeur dit met volle goedkeuring van die hele Partikuliere Sinode dat die werkswyse van die Gereformeerde Kerk Waterberg onder bespreking geneem word. Gereformeerde Kerk Waterberg het in hierdie hele bespreking geen geleentheid tot verweer gehad nie aangesien die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg nie verweerders kan aanwys vir ‘n Appèl teen ‘n Klassisbesluit nie.

By latere navraag deur die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg se voorsitter sou dit blyk dat die twee bedienaars van die Woord wat volgens die Appèlkommissierapport sou aangetoon het (verwys art.1.3.3 - BYLAE A) dat Kerkraad Waterberg se optrede spanning veroorsaak beide predikante van een bepaalde Kerk is. Hierdie twee predikante het verder telefonies bevestig en dit kan ook deur verskeie lidmate van die twee predikante self asook deur ‘n aantal gesinne wat aldaar gemeenskap met die betrokke kerk opgesê het bevestig word dat daar in hulle eie gemeente ernstige spanning bestaan weens hulle eie kerkraad se besluit met betrekking tot die inrigting van eredienste, Een lidmaat uit die beswaardes vanuit daardie betrokke gemeente het navraag gedoen waarom sake in daardie gemeente nie ook soos in Waterberg hanteer word nie. Die voorsitter van die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg het na hierdie gebeure op die Partikuliere Sinode met die betrokke een lidmaat van die twee predikante in verbinding getree en die lidmaat het verklaar dat die volle bron en oorsprong van sy spanning ten volle by die betrokke Kerkraad waarvan die twee genoemde predikante voorsitters is geleë is. Indien sy predikante dus sou beweer dat Kerkraad Waterberg spanning sou veroorsaak is dit van alle waarheid ontbloot.

2.1.3 Die appellante stel dit as regskenking

Dit is regskenking wanneer ‘n Kerkraad se plaaslike sake deur ‘n meerdere vergadering, op watter wyse ookal, onder bespreking geneem word sonder die medewete van daardie Kerkraad en sonder

enige geleentheid dat daardie Kerkraad homself kan verweer (KO, artt.30, 44 en 84).

Dit is regs krenking wanneer 'n Partikuliere Sinode toelaat dat 'n Kerkraad "onverhoord en ligtelik" veroordeel word en alles nie deur die Partikuliere Sinode gedoen word nie om "die eer en goeie naam" van 'n Kerkraad "na sy vermoë te verdedig en te bevorder nie". Die Kerkraad verwys met voorafgaande aanhalings ter bevestiging van regs krenking na *Heidelbergse Kategismus Sondag 43 Vraag en Antwoord 112* met betrekking tot die *Negende Gebod*.

Dit is regs krenking wanneer 'n Partikuliere Sinode dit laat deurgaan (deur daarvan kennis te neem sonder enige tereg wysing) dat 'n kommissie op grond van ongetoetste getuienis van twee predikante verklaar dat daar "aangetoon" is dat 'n Kerkraad se optrede spanning in die kerkverband veroorsaak. Dit terwyl die kommissie (tewete die Appèlkommissie van die Partikuliere Sinode) hoogstens kon gerapporteer het dat twee broeders gepoog het, en dit wederregtelik, om voorgenoemde spanning aan te toon. Latere getuienis soos ingewin deur Kerkraad Waterberg bevestig dat die getuienis van die twee broeders (predikante) soos aanvaar deur die Partikuliere Sinode getoets moet word aan die *Negende Gebod* asook aan *KO, art.84*.

2.2 Tweede appèlgrond

2.2.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode

Ons verwys na die volledige aanhaling van die Partikuliere Sinode se besluit met betrekking tot appèlgrond 1 (art.1.2 hierbo).

2.2.2 Die appellante beredeneer

Die beredenering op grond waarvan appèlgrond 1 geslaag het word hoofsaaklik gevoer rondom twee hoofargumente naamlik eerstens die voorsitter se pleit om kalmte asook sy versoek dat die aangeleentheid nie aan die media bekend gemaak sal word nie (vgl. Appèlkommissierapport 4.1.1.1 - BYLAE A) en tweedens die sewe kerkraadsvergaderings en agt kommissievergaderings (dit is die kommissie aangewys deur die Kerkraad Waterberg om met die saak te handel) waartydens oor die saak gehandel is (vgl. Appèlkommissierapport 4.1.1.2 tot 4.1.1.4 - BYLAE A).

Die Partikuliere Sinode verswyg egter in sy beredenering dat verskeie kerkraadslede asook van die predikante wat die Kerkraad van advies bedien het, oproepe van die media asook ander middernagtlike oproepe rakende hierdie saak ontvang het. Verder het die kantoor van die Premier van die Noordelike Provinsie by monde van sy saakgelastigde vir "reconciliation", meneer Revisa, by een van die voorsitters van die Kerkraad Waterberg navraag gedoen oor die Kerkraad se hantering van die saak. Wanneer die voorsitter dan tot kalmte maan en versoek dat die saak uit die media gehou word dui dit beslis nie op verleentheid van die Kerkraad se

kant nie maar op ordelike hantering van die saak soos die **Kerkorde artikel 16** met betrekking tot die amp van die bedienaar van die Woord dit stel: “Die amp van die bedienaars van die Woord is om ... saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.”

Die Partikuliere Sinode wek die indruk in sy beredenering onder appèlgrond 1 (art.4.1.1.5) dat die talle kerkraadsvergaderings met hierdie saak as agendapunt asook die talle kommissie vergaderings bloot net sou gaan om die sogenaamde versoek van mnr. Mathobo om eredienste in die Gereformeerde Kerk Waterberg by te woon. Die talle kerkraadsvergaderings en kommissievergaderings se notules weerspreek duidelik hierdie oorvereenvoudigde persepsie wat die Partikuliere Sinode in sy beredenering wek. Selfs die appèlkommissie se eie rapport (art.3.1 - BYLAE A) weerspreek hierdie beredenering wanneer die kommissie verklaar dat die wese van die appèl handel oor die skrywe van Mnr. Mathobo gedateer 21/06/1996, en waar die betrokke skrywe dan in Engels aangehaal word.

Dit gaan nie bloot om erediensbywoning in Waterberg nie maar om bediening van die Woord aan ‘n persoon wie se voertaal Engels is wanneer hy met die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg korrespondeer, wie verder uit ‘n Venda kultuuragtergrond kom, en wie se kennis van Afrikaans so gebrekkig is dat hy nie eens die kerkraadskommissie in Afrikaans te woord kon staan nie. Die Kerkraad was sekerlik nie verleë oor die intrek van die persoon uit Venda nie maar veel eerder ernstig besig om te besin oor op watter wyse hierdie persoon met taalkundige en kulturele verskil ook met die Suiwer Woord ontmoet kon word. Wanneer ‘n kerkraad tydens verskeie kerkraadsvergaderings hieroor handel en ook advies van naburige kerke en ook advies van die Klassis inroep en ‘n kerkraadskommissie by agt geleenthede hieroor vergader dui dit verseker nie op verleentheid nie maar op ernstige en diepsinnige besinning oor die Bybelse opdrag tot uitdra van die Evangelie. Die Woord leer ons immers om voortdurend hiermee besig te wees: “...en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt 28:19 *didaskontes* Deelwoord, aktief, praesens).

2.2.3 Die appellante stel dit as regs krenking

Dit is regs krenking wanneer ‘n Partikuliere Sinode, sonder enige Skrif-, Belydenis- of Kerkordegronde, besluit dat ‘n voorsitter se beroep op kalmte en ordelike hantering van ‘n saak op “verleentheid” van die Kerkraad se kant dui. As appellante beroep ons ons op **Kerkorde, art. 16** en stel dat die voorsitter kerkordelik korrek opgetree het onder die heersende omstandighede soos hieronder in 2.1.2 aangedui.

Dit is verder regs krenking wanneer sonder enige Skrif-, Belydenis- of Kerkordegronde op grond van 7 kerkraadsvergaderings en 8 kommissievergaderings die persepsie gewek word en die uitspraak gemaak word dat die saak 'n verleentheid vir die Kerkraad Waterberg was. Die appellante beroep hulle op die Bybelse opdrag van Matt 28:19 (soos hierbo onder artikel 2.1.2 aangehaal) wat 'n voortdurende, deurlopende opdrag en taak van elke kerkraad is. 'n Kerkraad wat voor 'n totaal nuwe situasie wat hierdie opdrag betref te staan kom deurdat die Woord ook nou aan anderstaliges uit 'n totaal vreemde kultuur uitgedra moet word en wat nou by verskeie vergaderings hieroor besin en selfs advies inroep is besig met die uitvoering van 'n Bybelse opdrag en geensins in die verleentheid soos die Partikuliere Sinode besluit het nie. Die Kerkraad poog net om Hand 2, soos dit deur die eeue uitgevoer is, naamlik om elkeen in sy/haar eie taal met die Evangelie te ontmoet, tot uitvoering te bring in eie

2.3 Derde Appèlgrond

2.3.1 Handeling van die Partikuliere Sinode

Die appellante verwys na volledige aanhaling van die Partikuliere Sinode se besluit waarvolgens appèlgronde 2 en 3 geslaag soos hierbo by 1.3 volledig aangehaal.

2.3.2 Die appellante beredeneer

Die Partikuliere Sinode bevind (art.4.2.2 - BYLAE A) dat die Kerkraad eers na die koms van G. Mathobo geleentheid begin ondersoek om sending te doen. Weereens verswyg die Partikuliere Sinode die volle werklikheid van die situasie in die ressort van Gereformeerde Kerk Waterberg soos dit bekend is aan die Klassis Waterberg en op grond waarvan die Klassis tot bepaalde besluite gekom het. Feit van die saak is dat G. Mathobo een van die eerstes van ongeveer 2 000 (Twee Duisend) nuwe staatsamptenare met hulle gesinne is wat eersdaags hulle almal binne Nylstroom gaan vestig. Baie van hierdie amptenare is afkomstig vanuit Venda, Mathobo se koms is nie deur die Kerkraad in isolasie gesien nie maar die breër nuwe situasie is hiermee in oënskou geneem. Daarom het die Kerkraad ook in sy hantering van die nuwe situasie advies van twee naburige predikante asook advies van die Klassis gevra. Die situasie wat Nylstroom betref het inderdaad so drasties verander dat selfs die skoolhoofde van die dorp saam met al die predikante in die dorp op 'n vergadering besluit het dat die skole vanaf 1997 naamlyste van kinders wat sendingobjekte is aan die kerke gaan deurgee. Vroeër was Nylstroom 'n geslote, klein gemeenskap met 'n sterk sendingaksie vanaf die NG Kerk, in die mate dat ds. Vogel (van Gereformeerde Kerk Waterberg) se pogings tot 'n eie sendingaksie misluk het (vgl. artikel 4.2.1.2 - BYLAE A).

Die Partikuliere Sinode beredeneer dat daar in die Kerkraad (van Gereformeerde Kerk Waterberg) nie eenstemmigheid bestaan rakende sending nie (art.4.2.1.5 - BYLAE A). Die Partikuliere Sinode beroep hulle in hulle beredenering op die feit dat die kerkraad met 'n meerderheid van stemme op die nuwe sendingaksie besluit het (art.4.2.1.5 - BYLAE A). Hierdie is egter 'n foutiewe afleiding deur die Partikuliere Sinode. Die teenstemme in die Kerkraad was nie teen sending as sodanig nie maar was juis teenstemme van broeders wat hulle met die appellante na Klassis Waterberg vereenselwig het in hulle beswaargronde soos uiteengesit in appèlgronde 2 en 3 na die Partikuliere Sinode (art.4.2 - BYLAE A). Verder moet vermeld word van ruim bydraes tot verskillende sendingaksies asook betrokkenheid van Gereformeerde Kerk Waterberg se predikante by Warmbad se sendingaksie wat reeds oor baie jare eenstemmig deur die Kerkraad besluit en uitgevoer word.

Die Partikuliere Sinode beredeneer verder dat Mnr. Mathobo 'n belydende lidmaat is en dat die saak ter tafel nie 'n sendingsaak is nie maar 'n pastorale aangeleentheid is (art.4.2.1.6 - BYLAE A en art.4.2.1.7 - BYLAE A). Feit van die saak is dat Mnr. Mathobo reeds bykans 'n jaar in die ressort van Gereformeerde Kerk Waterberg woonagtig is maar dat nog geen attestaat op enige stadium aan hierdie Kerkraad aangebied is nie. Slegs individuele mondelinge getuienis oor die leer en lewe van hierdie persoon is nog aangehoor en dit verskil ook van persoon tot persoon. Hier moet duidelik daarop gelet word dat aangesien die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg geen attestaat van Mnr. Mathobo ontvang het nie en ook nie versoek is om sodanige attestaat aan te vra nie (vgl. KO, art.82), genoemde Kerkraad geen getuienis oor sy leer en lewe kan notuleer nie.

2.3.3 Die appellante stel dit as regskenking

Die Partikuliere Sinode se bevinding (art.4.2.2 - BYLAE A) dat die Kerkraad eers na die koms van G. Mathobo geleenthede vir sending begin ondersoek is regskenking deurdat dit nie die waarheid soos in die *Negende Gebod* van ons vereis (vgl. verklaring in *Die Heidelbergse Kategismus Sondag 43*) weergee nie. Soos hierbo aangetoon en selfs uit die rapport van die Partikuliere Sinode se Appèlkommissie (art.4.2.1.2 - BYLAE A) blyk was daar in die verlede al geleenthede op plaaslike vlak gesoek maar het die pogings misluk. Verder is dit duidelik onder die gegewens hierbo onder art.2.3.2 dat G. Mathobo se koms deel is van 'n totaal nuwe situasie wat die weg berei vir groot sendingmoontlikhede. G. Mathobo se aankoms val dus saam met, en is deel van, 'n totaal nuwe situasie waarvoor Waterberg te staan kom.

Die Partikuliere Sinode se beredenering dat die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg verdeeld is oor sending is onwaar en

is op grond van die *Negende Gebod* regskenking. Die volle waarheid in verband hiermee word hierbo onder artikel 2.3.2 uiteengesit.

Die Partikuliere Sinode se beredenering dat die Kerkraad nou hier met 'n "*swart lidmaat*" (art.4.2 - BYLAE A) te doen het, is eweneens onwaar aangesien geen attestaat hierdie Kerkraad bereik het nie. Die Kerkraad se reg word hierin gekrenk deurdat die Kerkraad valslik van 'n handeling beskuldig word wat hy nie gedoen het nie naamlik dat 'n pastorale aangeleentheid as 'n sendingtaak hanteer is (art.4.2.1.7 - BYLAE A) . Die Partikuliere Sinode handhaaf dus nie *Kerkorde, art.82* nie aangesien die Partikuliere Sinode sou wil sien dat die Kerkraad 'n persoon as lidmaat pastoraal moet bearbei terwyl geen attestaat ontvang is en die persoon dus nie 'n lidmaat is nie.

2.4 *Vierde appèlgrond*

2.4.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode

Die appellante verwys na die volledige aanhaling van die Partikuliere Sinode se besluit waarvolgens appèlgrond 4 slaag soos volledig onder 1.4 hierbo aangehaal.

2.4.2 Die appellante beredeneer

Die vierde appèlgrond wat deur die Partikuliere Sinode gelyk gegee word stel die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg se siening van "uitdra van die Evangelie" teenoor dié van die appellante. Geen appèlgrond word hier opgeweg teen 'n bepaalde Klassisbesluit nie (art.4.3 - BYLAE A).

Die Partikuliere Sinode gaan weereens van die standpunt uit dat die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg met 'n belydende lidmaat handel - tot drie maal verwys die Partikuliere Sinode na "*die lidmaat*" en "*broeder*" (art.4.3.1.1 tot 4.3.1.3 - BYLAE A).

Die Partikuliere Sinode bevind dat dit hier gaan om 'n "*belydende lidmaat*" wat die bywoning van eredienste geweier is (art.4.3.2 - BYLAE A). Daar bestaan egter geen besluit van die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg wat enige lidmaat of nie-lidmaat bywoning van eredienste weier nie.

2.4.3 Die appellante stel dit as regskenking

Die Partikuliere Sinode handel onkerkregtelik deur 'n appèlgrond wat teen die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg gestel word gelyk te gee terwyl die appèl ter tafel nog duidelik 'n appèl teen 'n Klassisbesluit is. Hiermee word die reg van die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg gekrenk.

Die Partikuliere Sinode handel teen die *Negende Gebod* deur te beweer dat Waterberg Kerkraad met 'n belydende lidmaat handel (vgl. 2.3.3 - laaste paragraaf hierbo oor hierdie selfde saak van regskenking).

Die Partikuliere Sinode bevind dat dit hier gaan om 'n belydende lidmaat wat die bywoning van eredienste geweier word. Hierdie bevinding word egter met geen verwysing na enige kerkraadsbesluit gestaaf nie. Daar bestaan ook geen sodanige besluit van Kerkraad Waterberg nie. Die Partikuliere Sinode se bevinding is dus duidelik ongegrond en is regs krenking deurdat die **Negende Gebod** in hierdie handeling van die Partikuliere Sinode oortree word.

2.5 Vyfde appèlgrond

2.5.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode

Ons verwys na volledige aanhaling van die Partikuliere Sinode se besluit met betrekking tot appèlgrond 5 (art.1.5 hierbo) waarvolgens hierdie appèlgrond soos aangehaal en besluit slaag.

2.5.2 Die appellante beweer

Die Partikuliere Sinode bevind dat die Kerkraad se besluit 'n teenstrydigheid bevat op grond van die Partikuliere Sinode se beredenering (art.4.4.1.1 tot 4.4.1.3) dat by die Kerkraad van Waterberg "*aan sekere lidmate die Evangelie tydens die erediens verkondig kan word en aan sommige nie*" en dan ook verder "*n onderskeid met betrekking tot belydende lidmate word gemaak en wel op grond van ras of volk*". Laastens kom die Partikuliere Sinode met die beredenering dat "*die innerlike teenstrydigheid in die besluit van die Kerkraad is daarin geleë dat die Kerkraad besluit dat die uitdra van die Evangelie vir SOMMIGE belydende lidmate tydens die eredienste in die Gereformeerde Kerk Waterberg sal geskied en vir ANDER belydende lidmate op 'n ander plek*".

2.5.3 Die appellante stel dit as regs krenking

Die Partikuliere Sinode se beredenering is weereens op 'n valse uitgangspunt gegrond naamlik dat dit in hierdie appèl om 'n belydende lidmaat gaan. Vir 'n volledige uiteensetting oor hierdie saak van regs krenking verwys die appellante na artikels 2.3.3 en 2.4.3 hierbo.

In die beredenering van sy besluit gaan die Partikuliere Sinode so ver om te beweer dat die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg sou besluit het "*dat die uitdra van die Evangelie vir SOMMIGE lidmate tydens die eredienste in die Gereformeerde Kerk Waterberg sal geskied en vir ANDER belydende lidmate op 'n ander plek*" (art. 4.4.1.3 - BYLAE A). Hierdie beredenering van die Partikuliere Sinode is 'n growwe oortreding van die **Negende Gebod** deurdat 'n besluit aan 'n Kerkraad toegedig word waarvan nie een woord die waarheid is nie. Om hierdie rede kon die Partikuliere Sinode ook geen notuleverwysings aandui nie maar hulle alleenlik beroep op 'n bepaalde uitspraak deur die appellant voor die Partikuliere Sinode.

2.6 Sesde Appèlgrond

2.6.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode.

Ons verwys na die volledige aanhaling van die Partikuliere Sinodebesluit waarvolgens appèlgrond 6 slaag soos volledig onder 1.6 hierbo aangehaal.

2.6.2 Die Appellant beredeneer

Die Partikuliere Sinode verwys in sy beredenering (art. 4.5.1.1 - BYLAE A) na 'n sekere "BYLAAG S" wat deur die appellante (voor die Partikuliere Sinode) aan die Partikuliere Sinode voorgelê is waarvolgens die Kerkraad "per implikasie" sou besluit het "dat die persoon uit Venda nie die eredienste mag bywoon nie" (art. 4.5.1.1 - BYLAE A). Genoemde "BYLAAG S" is egter 'n handgeskrewe nie-amptelike stuk waarvan die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg geen kennis dra nie en dit berus ook op geen Kerkraadsbesluit nie (BYLAE C). Verder is dit duidelik dat genoemde "BYLAAG S" 'n antwoord op 'n brief (vgl. BYLAE D - brief van Br. PJC van Dyk, dd 31/08/1996) van Br. PJC van Dyk (een van die appellante voor die Partikuliere Sinode). Die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg dra nòg by wyse van enige besluit of notule enige kennis van genoemde skrywe (BYLAE D) nòg het hierdie skrywe te enige tyd voor die Kerkraad gedien (Kerkraadsnotule, 5/01/1997, artikels 1, 1.1, 1.2 en 1.3).

Die Partikuliere Sinode verwys verder in sy beredenering na drie geleenthede waartydens die term "swart" gebruik is (art. 4.5.1.2 en 4.5.1.3 - BYLAE A) en kom dan tot die bevinding dat dit in genoemde saak oor kleur gaan (art. 4.5.2 - BYLAE A). Die appellante kon nòg in die Skrif, nòg in die Belydenis, nòg in die Kerkorde enige beletsel vind waarvolgens dit sondig sou wees om na 'n persoon se kleur te verwys.

2.6.3 Die Appellante stel dit as regskenking

Die Partikuliere Sinode beroep hom op 'n nie-amptelike skrywe wat geen gewig dra nie maar alleenlik die persoonlike mening van 'n individu bevat. Hierby word drie verwysings gevoeg waar die Kerkraad die term "swart" gebruik het (twee keer met verwysing na die Venda-intrekker) en op grond hiervan bevind die Partikuliere sinode dat dit in genoemde saak om kleur gaan. Die taal- en kultuurprobleem (vgl. 2.2.3 hierbo) word by hierdie appèlgrond heeltemal verswyg met 'n gevolglike onvolledige en skewe beeld van die hele saak. Die appellante stel dit as regskenking deurdat die Partikuliere Sinode teen die eis van die **Negende Gebod** ligtelik 'n Kerkraad veroordeel.

Die appellante stel dit as regskenking deurdat die Partikuliere Sinode beweer dat "die persoon uit Venda ... beslis bywoning van eredienste in Gereformeerde Kerk Waterberg geweier is op grond van ras en kleur". Nêrens in enige notule is besluit om die persoon 'n erediens te weier nie en die twee verwysings na die persoon se kleur was nooit op krenkende of neerhalende wyse gedoen nie. Ons

verwys ook na 'n skrywe (BYLAE D) waarin een van die appellante na die Partikuliere Sinode (Br. PJC van Dyk) self beweer: “*Dit is noodsaaklik om hieroor duidelikheid te kry want ek vind nêrens in die dokumente 'n pertinente verwysing of besluit dat hy nie eredienste mag bywoon nie ...*”. As antwoord op hierdie skrywe van die appellant (voor die Partikuliere Sinode) het die persoonlike brief (BYLAE C) gevolg wat die appellante na die Partikuliere Sinode dan as appèlgrond gebruik het om aan te toon dat die sogenaamde besluit tot verbod op erediensbywoning wel bestaan - dit alles in stryd met die **Negende Gebod** en dusdoende ernstige regskenking van die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterberg.

2.7 Sewende Appèlgrond

2.7.1 Handelinge van die Partikuliere Sinode

Die appellante verwys na volledige aanhaling van die Partikuliere Sinode se besluit waarvolgens appèlgrond 7 slaag soos volledig 1.7 hierbo aangehaal.

2.7.2 Die Appellante beredeneer

Die Partikuliere Sinode kom tot sy bevinding deur 'n beredenering wat telkens weer daarop neerkom dat dit om die kleur van die nuwe intrekker gaan. Die Partikuliere Sinode kom selfs tot die bevinding dat die term “swart” “telkens” in die dokumentasie van die Kerkraad gebruik is. Slegs twee verwysings na “swart” met betrekking tot die nuwe intrekker kon egter deur die Partikuliere Sinode aangetoon word (art. 4.5.1.2 en 4.5.1.3 - BYLAE A). Volgens Kritzinger, M.S.B. “Beknopte Verklarende Woordeboek”, 1975, Van Schaik, p. 530 beteken die woord “telkens” iets wat “keer op keer” of “weer en weer” herhaal word. Wanneer 'n Kerkraad in die verloop van sewe Kerkraadsvergaderings en agt kommissievergaderings by twee geleenthede die term “swart” gebruik is dit sekerlik nie 'n term wat, soos die Partikuliere Sinode bevind, “telkens” gebruik word nie.

Die Partikuliere Sinode maak in sy beredeneringe die afleiding dat die uniekheid van die situasie, die eenheid en stigting van die gemeente en die hele hantering van die saak wentel om die swart kleur van die intrekker (art. 4.6.1.1 tot 4.6.1.4 - BYLAE A). Geen notules kon egter hierdie beredenering staaf nie. Verder word die taalprobleem, die feit dat daar hard en onstigtelik getolk is tydens eredienste wat wel bygewoon is asook die diepgaande kulturele verskille wat eie eise aan die Woordverkondiging stel geheel en al deur die Partikuliere Sinode genegeer. Die sewende appèlgrond met sy beredeneringe en bevinding is werklik so eensydig en deurspek met halwe waarhede dat dit die indruk wil wek van 'n tendensieuse poging aan die kant van die Partikuliere Sinode om 'n bepaalde persepsie van rassisme rondom die saak te vestig.

2.7.3 Die Appellante stel dit as regskenking

Die Partikuliere Sinode handel nie in sy beredenering en bevinding met betrekking tot die sewende appèlgrond oor die besluit van Klassis Waterberg nie maar maak bepaalde uitsprake oor die situasie in Gereformeerde Kerk Waterberg wat openlik 'n beskuldiging van rassisme bevat (art. 4.6.1.1 tot 4.6.2 - BYLAE A). In hierdie beredenering en bevinding word ook talle feite met betrekking tot die saak selektief verswyg. Geen Skrif-, Belydenis of Kerkordegronde word aangevoer nie maar bloot 'n tendensieuse sameflansing van losstaande afleidings en bewerings (vgl. 2.7.2 hierbo).

3. Versoek aan die eerwaarde Nasionale Sinode, Januarie 1997

Die eerwaarde Nasionale Sinode word hiermee versoek om die onderhawige besluite van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal, in sitting 26 en 27 November 1996, op grond van een of meer van bogestelde appèlgronde nietig te verklaar.

G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Die Sinode neem kennis

- 1.1 *Opdrag*: Om die Sinode te adviseer oor bogenoemde Appèl.
- 1.2 *Stukke ter insae*
 - 1.2.1 Brief G. Mathobo gedateer 1996-06-21.
 - 1.2.2 Notule Spesiale Kerkraadsvergadering 26 Junie 1996.
 - 1.2.3 Notule Konsistoriebesluit 30 Junie 1996.
 - 1.2.4 Notule Spesiale Kerkraadsvergadering 1 Julie 1996.
 - 1.2.5 Brief P.J.C. van Dyk gedateer 4 Julie 1996.
 - 1.2.6 Brief aan G. Mathobo 9 Julie 1996.
 - 1.2.7 Rapport Kommissie van Kerkraad insake bediening van 'n Venda-intrekkers te Nylstroom, goedgekeur op 31 Julie 1996.
 - 1.2.8 Notule Kerkraadsvergadering 24 Julie 1996 (art.4.2).
 - 1.2.9 Notule Kerkraadsvergadering 31 Julie 1996.
 - 1.2.10 Brief van Kerkraad aan br. P.J.C. van Dyk 12 Augustus 1996.
 - 1.2.11 Notule Konsistoriebesluit 4 Augustus 1996 met Bylae.
 - 1.2.12 Notule Kerkraadsvergadering 14 Augustus 1996.
 - 1.2.13 Brief br. P.J.C. van Dyk aan Korresponderende Kerkraad Klassis Waterberg 18 Augustus 1996: Kennis gee van appèl..
 - 1.2.14 Afkondiging van Kerkraad op 25 Augustus 1996.
 - 1.2.15 Brief br. P.J.C. van Dyk aan Kerkraad gedateer 27/8/1996 met Bylae.
 - 1.2.16 Brief br. P.J.C. van Dyk aan Kerkraad gedateer 31/8/1996.
 - 1.2.17 Brief geteken deur skriba van Kerkraad aan P.J.C. van Dyk gedateer 2/9/1996.
 - 1.2.18 Appèl teen besluit van Kerkraad op Klassis Waterberg 17/9/1996.
 - 1.2.19 Rapport van Regskommissie Klassis insake appèl P.J.C. van Dyk en andere.
 - 1.2.20 Brief P.J.C. van Dyk aan Kerkraad gedateer 23/9/1996.

- 1.2.21 Brief Kerkraad aan br. P.J.C. van Dyk gedateer 2/10/1996.
- 1.2.22 Rapport Appèlkommissie Part. Sinode Noord-Transvaal 1996.
- 1.2.23 Besluit Part. Sinode oor die appèl.
- 1.3 *Toeligting*
 Die volgende persone het toeligting aan die Kommissie gegee:
- 1.3.1 Dr. W.P. du Plessis en oudl. T.P. van Graan namens die Geref. Kerk Waterberg.
- 1.3.2 Dr. J.L. Venter as Verweerder van Part. Sinode Noord-Transvaal 1996.
- 1.4 *Agtergrond*
- 1.4.1 Die Kerkraad van die Geref. Kerk Waterberg ontvang 'n brief gedateer 21 Junie 1996 van br. George Mathobo. In die brief meld hy dat hy 'n lidmaat is van die Geref. Kerk Nzhelele in die ressort van Sinode Soutpansberg. Hy gee kennis dat hy in die vervolg die eredienste op Sondag sal bywoon.
- 1.4.2 Op 26 Junie 1996 word die brief op 'n spesiale Kerkraadsvergadering behandel. Die besluit van die vergadering moet deur 'n Kommissie aan br. Mathobo meegedeel word.
- 1.4.3 Die Kommissie rapporteer op 30 Junie dat br. Mathobo nie die besluit van die Kerkraad aanvaar nie. Die vergadering besluit om Visitatore op te roep om die Kerkraad oor die saak te adviseer.
- 1.4.4 Bogenoemde vergadering vind op 1 Julie 1996 plaas. Die vergadering benoem 5 broeders as Kommissie om die saak te ondersoek. Verder moet twee broeders br. Mathobo besoek, die situasie verduidelik "dat dit die eerste keer is dat ons so 'n situasie beleef en hom vriendelik [te] vra om ons tyd te gee om tot 'n oplossing te kom. Die broeder moet ook gevra word om in die lig van omstandighede, vir tyd en wyl nie die kerk te besoek nie" (art.4.2, Kerkraadsnotule, 1 Julie 1996).
- 1.4.5 Op 4 Julie 1996 word 'n skrywe aan die Kerkraad gerig deur br. P.J.C. van Dyk wat navraag doen oor die situasie rondom br. G. Mathobo. Hy ontvang op 12 Augustus 1996 antwoord.
- 1.4.6 Ontvangs van die skrywe van br. George Mathobo gedateer 21 Junie 1996 geskied op 9 Julie 1996.
- 1.4.7 Die Kommissie wat op 1 Julie 1996 benoem is (vgl. pt.1.4.4) lewer rapport op 'n Kerkraadsvergadering van 24 Julie 1996. Die Kommissie het intensief gewerk en sewe keer vergader. Die Kerkraad kom nie tot 'n finale besluit nie en vergader weer op 31 Julie 1996. Op die vergadering word met meerderheid van stemme besluit om die Kommissierapport te aanvaar.
- 1.4.8 Op 4 Augustus word 'n groter Kommissie benoem met die opdrag om met die vorige verslag as vertrekpunt te poog om totale eenheid in die Kommissie en ook die Kerkraad te verkry.

1.4.9 Op 14 Augustus rapporteer die Kommissie aan die Kerkraad dat daar nie eenstemmigheid bereik is nie. Die Kommissierapport wat op 24 Julie voorgehou is, word finaal as besluit aanvaar. In kort kom dit neer op die benoeming van 'n Sendingkommissie met spesifieke opdragte.

1.4.10 Kennis van appèl teen die Kerkraadsbesluit word op 18 Augustus 1996 aan die Klassis en op 27 Augustus 1996 aan die Kerkraad gegee deur br. P.J.C. van Dyk.

1.4.11 Die appèl op Klassis Waterberg, 17 September 1996 slaag nie.

1.4.12 Br. P.J.C. van Dyk en ander appelleer na Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 en die appèl slaag.

1.4.13 Die Kerkraad van Geref. Kerk Waterberg appelleer na die Nasionale Sinode 1997.

1.5 Opmerking as verdere toeligting tot Appèlgronde (pte.1.1 tot 1.7 van die Appèl, AA, p.675)

U Kommissie wil daarop wys dat die meeste aanhalings onder die opskrif "Handelinge waarteen geappelleer word" (pt.1) nie die bevinding of besluit van die Part. Sinode is nie, maar woordeliks die formulering is van die Appèlgronde deur P.J.C. van Dyk en ander wat op die Part. Sinode gedien het. Dit kan tot misverstand lei, daarom haal u Kommissie die Bevindings van die Appèlkommissie van Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 aan waarteen hier geappelleer word.

1.5.1 Appèlgrond 1 van die Appèlskrif is gerig teen die werkswyse van die Part. Sinode omdat sy Appèlkommissie twee bedienaars van die Woord aangehoor het "wat aangetoon het dat die werkswyse van die Gereformeerde Kerk Waterberg ten opsigte van genoemde saak spanning by sommige lidmate laat ontstaan".

1.5.2 Appèlgrond 2 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.2 van Appèl): "U Kommissie oordeel in die lig van die beredeneringe dat die koms van br. Mathobo inderdaad vir die Geref. Kerk Waterberg 'n verleentheid is".

1.5.3 Appèlgrond 3 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.3 van Appèl): "Die Kerkraad het inderdaad eers ná die koms van br. Mathobo geleentheid begin ondersoek om sending te doen".

1.5.4 Appèlgrond 4 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.4 van Appèl): "Die Klassis se beredenering bied geen grond om 'n belydende lidmaat die bywoning van eredienste te weier nie".

1.5.5 Appèlgrond 5 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.5 van Appèl): "U Kommissie bevind dat daar wel 'n teenstrydigheid in die besluit van die Kerkraad bestaan".

1.5.6 Appèlgrond 6 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.6 van Appèl): "Dit is vir u Kommissie duidelik dat dit in genoemde saak oor kleur gaan en daarom ook oor ras".

1.5.7 Appèlgrond 7 van die Appèlskrif is gerig teen (vgl. 1.7 van Appèl): “Dit is duidelik dat die sgn. ‘eerste situasie’ wat blyk ‘n verleentheid te wees daaraan toegeskryf word dat br. Mathobo swart is. Die term ‘swart’ is telkens in dokumentasie van die Kerkraad gebruik”.

Besluit: Van punte 1.1 tot 1.5.7 word kennis geneem.

2. Die Sinode beoordeel

2.1 *Eerste Appèlgrond*

“Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 het die reg gekrenk deur ‘n Kerkraad se plaaslike sake sonder die medewete van die Kerkraad onder bespreking te neem. Die Part. Sinode het toegelaat dat die Kerkraad onverhoord en ligtelik veroordeel word sonder dat daardie Kerkraad enige geleentheid tot verweer ontvang het (HK 43:112; KO, artt.30, 44, 84)”, (Appèlkommissie se eie woorde).

2.1.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.1.1.1 Die Appèlkommissie van Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 stel ter kennisname van die vergadering onder die opskrif “Werkswyse” dat hulle onder andere twee broeders aangehoor het wat aangetoon het dat die gebeure by die Geref. Kerk Waterberg spanning by sommige lidmate laat ontstaan.

2.1.1.2 Die appellante voer aan dat genoemde broeders “met volle goedkeuring van die hele Part. Sinode die werkswyse van die Geref. Kerk Waterberg” bespreek het.

2.1.1.3 Die appellante voer verder aan dat Geref. Kerk Waterberg geen geleentheid tot verweer in die aangeleentheid gehad het nie.

2.1.1.4 Dit is vir u Kommissie egter duidelik dat die Part. Sinode slegs kennis geneem het van die werkswyse van die Appèlkommissie wat onder meer daaruit bestaan het dat verskeie broeders uit die vergadering toeligting gegee het.

2.1.1.5 Uit die Rapport van die Appèlkommissie blyk dat die toeligting van die broeders nêrens in die beoordeling van die Appèlgronde gefunksioneer het nie. U Kommissie lei af dat dit die rede is waarom die inhoud van die broeders se toeligting onder die item “werkswyse” bloot vir kennisname gerapporteer word.

2.1.2 Appèlkommissie se bevinding

Geen regskenking word bewys nie. In die lig van 2.1.1.4 en 2.1.1.5 hierbo beoordeel.

2.1.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Eerste Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.1 word goedgekeur.

2.2 *Tweede Appèlgrond*

“Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 het die reg gekrenk deur te oordeel dat die Kerkraad ‘n verleentheid oor die aangeleentheid gehad het” (Appèlkommissie se eie woorde).

2.2.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.2.1.1 In 'n Kommissierapport van die Kerkraad word wel genotuleer dat die koms van br. Mathobo uit Venda nie as 'n verleentheid beskou moet word nie, maar as 'n geleentheid.

2.2.1.2 Die Part. Sinode oordeel egter dat die sewe kerkraadsvergaderings en agt kommissievergaderings, asook predikante van ander gemeentes wat ingeroep word, onder meer faktore is wat daarop dui dat die koms van br. Mathobo vir die Kerkraad 'n verleentheid is.

2.2.2 Appèlkommissie se bevinding

2.2.2.1 U Kommissie oordeel dat soveel tyd wat afgestaan word aan die aangeleentheid van 'n broeder wat aan die Kerkraad kennis gegee het dat hy die eredienste wil bywoon, in 'n bepaalde sin op 'n verleentheid dui.

2.2.2.2 Dit is duidelik dat die koms van br. Mathobo vir die Kerkraad 'n buitengewone situasie geskep het waarin besondere reëlins getref word om die aangeleentheid te hanteer.

2.2.2.3 Die Part. Sinode se beoordeling dat die saak 'n verleentheid vir die Kerkraad is, is kennelik 'n tipering van die buitengewone reaksie van die kant van die Kerkraad en kan nie as regs krenkend beoordeel word nie.

2.2.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Tweede Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.2 word goedgekeur.

2.3 *Derde Appèlgrond*

"Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 krenk die reg deur te bevind dat:

(a) die Kerkraad eers na die koms van br. Mathobo geleentheid begin ondersoek om sending te doen,

(b) dat die Geref. Kerk Waterberg oor sending verdeeld is (HK Sondag 43), en

(c) dat dit onwaar is dat die Kerkraad in die saak met 'n "swart lidmaat" te make het (KO, art.82)" (Appèlkommissie se eie woorde).

2.3.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.3.1.1 Die appellante voer aan dat "ruim bydraes tot verskillende sendingaksies, asook betrokkenheid van Geref. Kerk Waterberg se predikante by Warmbad se sendingaksie" bewys lewer dat die Part. Sinode se bevinding onwaar is.

2.3.1.2 Hierteenoor bevind die Part. Sinode dat ondanks pogings tot plaaslike sending in die verlede eers weer na die koms van br. Mathobo reëlins vir daadwerklike sending getref word.

2.3.1.3 Uit die mondelinge getuienis van die appellante blyk dat hierdie beoordeling van die Part. Sinode korrek is: hoewel informele sending (bv. deur 'n bepaalde lidmaat) nie ontken kan word nie, begin die Kerkraad inderdaad eers met die koms van br. Mathobo om

rondom Woordbediening aan hierdie broeder en sy gesin 'n sendingaksie te reël.

2.3.1.4 Die Part. Sinode se bevinding dat die Kerkraad nie eenstemmig oor sending is nie (b) word afgelei uit die stemverdeling van 9 teen 34 in verband met die Kommissie van die Kerkraad se rapport rakende onder andere die begin van 'n sendingaksie.

2.3.1.5 Die appellant maak die bewering dat die teenstemme in die Kerkraad "nie teen sending as sodanig was nie, maar teenstemme van broeders wat hulle met die appellante na Klassis Waterberg vereenselwig het".

2.3.1.6 Hierdie beweringe is 'n afleiding en bied nie afdoende bewys dat die Part. Sinode verkeerd geoordeel het nie, veral in die lig daarvan dat die Kerkraad eers op 27 Augustus

Kennis van die Appèl gekry het, terwyl die vergadering waarop die stemverdeling oor die sendingaksie plaasgevind het, reeds op 31 Julie 1996 gehou is.

2.3.1.7 Ten opsigte van die laaste gedeelte van die Appèlgrond © is dit wel waar dat die Appèlkommissie van die Part. Sinode na br. Mathobo as 'n "belydende lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente" verwys. Br. Mathobo verklaar self in sy skrywe aan die Kerkraad van die Geref. Kerk Waterberg, gedateer 21/6/1996: "I am a full member of Gereformeerde Church, Synod Zoutpansberg, Nzhelele Gereformeerde Church".

2.3.1.8 In die notule van 'n konsistoriebesluit geneem op 30 Junie 1996 rapporteer 'n Kommissie nadat hulle br. Mathobo besoek het: "Oudl. Faan Swanepoel meld dat broeder George reeds sedert 1968 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk is".

Hierdie feit word nie deur die Kerkraad betwyfel nie en daar word nie 'n besluit gevind wat die teendeel bewys nie.

2.3.2 Appèlkommissie se bevinding

2.3.2.1 U Kommissie oordeel dat die Part. Sinode nie die reg gekrenk het in sy bevinding dat die Kerkraad eers na die koms van br. Mathobo geleenthede begin ondersoek het om sending te doen nie.

2.3.2.2 Die appellante bewys nie dat die Part. Sinode die reg gekrenk het in sy beoordeling oor die Kerkraad se verdeeldheid ten opsigte van sending nie.

2.3.2.3 Uit pte.2.3.1.7 en 2.3.1.8 hierbo blyk dit duidelik dat die Part. Sinode ook nie die reg gekrenk het in sy verwysing na br. Mathobo as 'n belydende lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk nie: hierdie verwysing is 'n konstatering van getuienis uit die brief van die broeder self.

2.3.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Derde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.3 word goedgekeur.

2.4 *Vierde Appèlgrond*

“Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 het die reg gekrenk deur ‘n bevinding van die Klassis gelyk te gee terwyl die Appèlgrond op die Part. Sinode se tafel van die appellante was. Die Part. Sinode het verder die reg gekrenk deur te beweer dat die Kerkraad met ‘n belydende lidmaat handel en dat die belydende lidmaat eredienste geweier word” (Appèlkommissie se eie woorde).

2.4.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.4.1.1 Die appellante appelleer na die Part. Sinode teen die besluit van die Klassis. Die Klassis moes hom oor ‘n handeling van die Kerkraad uitspreek. Derhalwe word die besluit van die Kerkraad in die uitspraak van die Klassis voor die Part. Sinode gelê. U Kommissie vind geen ongerymdheid in hierdie werkswyse nie.

2.4.1.2 Die bevinding van die Part. Sinode dat die Klassis se beredenering geen grond bied om ‘n belydende lidmaat die bywoning van eredienste te weier nie, is in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde.

2.4.1.3 Die Part. Sinode bevind dat die Kerkraad met ‘n belydende lidmaat handel. U Kommissie verwys na die beoordeling in pte.2.3.1.7 en 2.3.1.8 van hierdie Rapport. U Kommissie verwys verder na die notule van ‘n Spesiale Kerkraadsvergadering gehou op 26 Junie: “Die eerwaarde voorsitter verduidelik dat die saak gaan oor ‘n swart Gereformeerde lidmaat wat in ons gemeente ingetrek het en begerig is om ons eredienste by te woon en reeds bygewoon het”.

2.4.1.4 Hierop volg die Kommissierapport op 30 Junie 1996 waarin gerapporteer word dat die broeder reeds sedert 1968 ‘n Gereformeerde lidmaat is. Nêrens word hierdie feit in enige besluit tot u Kommissie se beskikking weêrlê nie.

2.4.1.5 Die appellant stel dat die Kerkraad nie ‘n besluit geneem het waarvolgens ‘n belydende lidmaat die bywoning van eredienste geweier word nie.

2.4.1.6 In die notule van ‘n Spesiale Kerkraadsvergadering op 1 Julie 1996 word die volgende opdrag pertinent aan ‘n Kommissie gegee: “Die broeder moet ook gevra word om in die lig van omstandighede vir tyd en wyl nie die Kerk te besoek nie”.

2.4.1.7 Hierbenewens dui die reëlings wat die Kerkraad getref het op groot moeite wat gedoen word om die betrokke broeder en sy gesin buite die eredienste van die plaaslike kerk te probeer akkommodeer : “om vanaf eerskomende Sondag en vir elke Sondag daarna onder andere ‘n plek, prediker, tolk en tyd vir ‘n erediens te reël waarby hierdie nuwe intrekker asook alle ander belangstellende andersvolkiges met die Evangelie ontmoet kan word” (Kommissierapport van Kerkraad 31 Julie 1996).

2.4.2 Appèlkommissie se bevinding

2.4.2.1 U Kommissie oordeel dat Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 se uitspraak dat die Klassis se beredenering geen grond bied om 'n belydende lidmaat die bywoning van eredienste te weier nie, op Skrif, Belydenis en Kerkorde, asook Sinodebesluite gefundeer is.

2.4.2.2 U Kommissie oordeel verder dat die gegewens tot sy beskikking afdoende bewys lewer dat hier wel sprake van 'n belydende lidmaat is en dat die Kerkraad dit geweet het.

2.4.2.3 Die buitengewone reëlings wat die Kerkraad getref het om die broeder en sy gesin buite die eredienste kerklik te probeer akkommodeer en die besluite wat die kerkraad geneem het, dui daarop dat die broeder nie aanvaarbaar in die eredienste was nie.

2.4.2.4 Die Part. Sinode het met bogenoemde uitspraak nie die reg gekrenk nie.

2.4.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Vierde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.4 word goedgekeur.

2.5 *Vyfde Appèlgrond*

"Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 het die reg gekrenk deur valslik te oordeel dat die Geref. Kerk Waterberg besluit het dat 'die uitdra van die Evangelie vir SOMMIGE belydende lidmate tydens die eredienste in die Geref. Kerk Waterberg [gereël word] en vir ANDER belydende lidmate op 'n ander plek' [Negende Gebod] (Appèlkommissie se eie weergawe).

2.5.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.5.1.1 Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 het nêrens beweer dat bg. aanhaling 'n Kerkraadsbesluit was nie. Hierdie woorde is 'n aanhaling uit die Appèl wat teen Waterberg se handeling op die Part. Sinode gedien het.

2.5.1.2 Hierdie aanhaling waarmee die Part. Sinode hom vereenselwig het, is ook ondanks die feit dat dit nie 'n Kerkraadsbesluit is nie, in die lig van die feitelike situasie nie regs-krenkend nie.

2.5.2 Appèlkommissie se bevinding

U Kommissie oordeel dat die appellante nie regs-krenking bewys nie.

2.5.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Vyfde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.5 word goedgekeur.

2.6 *Sesde Appèlgrond*

"Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 krenk die reg deur 'n nie-amptelike stuk as bewysgrond te gebruik en onder andere daaruit te bevind dat dit hier om kleur gaan, terwyl taal en kultuur verswyg word" [Negende Gebod] (Appèlkommissie se eie woorde).

2.6.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.6.1.1 Die “nie-amptelike” stuk waarna die Appèlgrond verwys, is ‘n brief wat deur die skriba van die Kerkraad aan ‘n broeder geskryf is as antwoord op die broeder se brief. Die broeder het sy brief kennelik aan die skriba as funksionaris van die Kerkraad gerig om sekere kerkraadsgegewens te verkry, en ‘n antwoord wat formeel deur die skriba onderteken is, ontvang.

2.6.1.2 Die brief van die skriba wat deur die appellant as ‘n “nie-amptelike skrywe wat geen gewig dra nie” bestempel word, is wel saam met die amptelike stukke van die Kerkraad by die Part. Sinode vir die behandeling van ‘n Appèl ingedien.

2.6.1.3 Die Part. Sinode kon die brief, formeel onderteken deur die skriba van die Kerkraad, nie anders sien as ‘n amptelik stuk van die Kerkraad nie.

2.6.1.4 In die brief word gestel: “Ten opsigte van die bywoning van eredienste beteken dit by implikasie dat die persoon uit Venda nie die eredienste mag bywoon nie”.

2.6.1.5 Die appellant se redenasie dat dit nie oor ras en kleur gaan nie, asook dat die persoon uit Venda nie eredienste geweier is nie, is moeilik versoenbaar in die lig van die besluit wat die Kerkraad op 1 Julie 1996 geneem het: “Die ou Kommissie moet weer na die broeder teruggegaan en aan hom verduidelik dat dit die eerste keer is dat ons so ‘n situasie beleef en hom vriendelik te vra om ons tyd te gee om tot ‘n oplossing te kom. Die broeder moet ook gevra word om in die lig van omstandighede, vir tyd en wyl, nie die Kerk te besoek nie”.

2.6.2 Appèlkommissie se bevinding

2.6.2.1 U Kommissie oordeel dat Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 nie die reg gekrenk nie het deur die betrokke brief as ‘n amptelike stuk van die Kerkraad te beoordeel nie.

2.6.2.2 U Kommissie oordeel verder dat die Part. Sinode met die gegewens tot sy beskikking nie anders kon as om te oordeel “dat dit in genoemde saak oor kleur gaan en daarom ook oor ras”.

2.6.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Sesde Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.6 word goedgekeur.

2.7 *Sewende Appèlgrond*

“Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 krenk die reg deur bepaalde uitsprake oor die situasie in die Geref. Kerk Waterberg te maak wat openlik ‘n beskuldiging van rassisme bevat. Feite met betrekking tot die saak word selektief verswyg” (Appèlkommissie se eie woorde).

2.7.1 Appèlkommissie se beoordeling

2.7.1.1 Part. Sinode Noord-Transvaal 1996 oordeel dat die situasie wat tot die Appèl teen die Kerkraadshandeling gelei het, daaraan toegeskryf moet word dat br. Mathobo swart is.

2.7.1.2 Die Part. Sinode oordeel verder dat “die eenheid in Christus in gedrang [gekom het] omdat br. Mathobo swart is”.

2.7.1.3 Die appellant voer aan dat hierdie opvatting ‘n beskuldiging van rassisme bevat.

2.7.1.4 Dat die aangeleentheid beslis oor die verskeidenheid van volke gaan, word versterk deur die Kommissierapport van ses bladsye wat die Kerkraad op 31 Julie 1996 goedgekeur het: Ongeveer twee bladsye bevat aanhalings uit Sinodebesluite van die GKSA oor volkereverhoudinge.

2.7.1.5 Die Part. Sinode bevind dat die uniekheid van ‘n sogenaamde “eerste situasie” geleë is in die feit dat br. Mathobo swart is. Hierdie bevinding van die Part. Sinode konstateer die feit dat dit hier om ‘n swart broeder gaan en is nie ‘n beskuldiging van rassisme nie.

2.7.2 Appèlkommissie se bevinding

2.7.2.1 U Kommissie oordeel dat die appellant nie bewys dat hier ‘n beskuldiging van rassisme gemaak is nie, en toon ook nie aan waar feite met betrekking tot die saak selektief verswyg word nie.

2.7.2.2 Die appellant slaag nie om regs krenking deur die Part. Sinode te bewys teen die agtergrond van die beskikbare gegewens waarop die Part. Sinode sy oordeel begrond nie.

2.7.3 Appèlkommissie se aanbeveling

Die Sewende Appèlgrond slaag nie.

Besluit: Punt 2.7 word goedgekeur.

3. Die Sinode besluit

3.1 *Afsonderlike Appèlgronde*

3.1.1 Eerste Appèlgrond (2.1.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.2 Tweede Appèlgrond (2.2.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.3 Derde Appèlgrond (2.3.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.4 Vierde Appèlgrond (2.4.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.5 Vyfde Appèlgrond (2.5.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.6 Sesde Appèlgrond (2.6.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.1.7 Sewende Appèlgrond (2.7.3)

Die Appèlgrond slaag nie.

3.2 *Samevattende besluit*

Die Appèl slaag in sy geheel nie.

Besluit: Die hele punt 3 word goedgekeur.

12.3.4 APPÈL B. SPOELSTRA TEEN ONGENOMMERDE
BESLUIT VAN SUIDELIKE PART. SINODE OP 'N APPÈL TEEN
'N UITSPRAAK VAN KLASSIS BURGERSDORP 19.03.96
(Artt.70, 80, 229)

Die Voorsitter oorhandig die stoel aan die Ondervoorsitter.

A. Die Voorsitter stel dat ds. B. Spoelstra nie teenwoordig is nie en dit nie nodig ag om teenwoordig te wees by die stel van die Appèl.

Besluit: Die vergadering besluit om die Appèl nie nou te laat stel nie. Daar sal weer 'n poging aangewend word om prof. Spoelstra te skakel en te versoek om teenwoordig te wees by die stel van die saak.

B. Die Ondervoorsitter rapporteer dat hy weer met prof. B. Spoelstra telefonies kontak gemaak het. Hy rapporteer soos volg:

1. Prof. B. Spoelstra gee toestemming dat die Appèl in sy afwesigheid gestel word.

2. Alle vrae aan prof. B. Spoelstra sal op skrif gestel word en op Vrydag 10 Januarie 1997 om 9:00 aan hom voorgelê word.

3. Prof. Spoelstra sal Vrydag 10 Januarie 1997 by die Sinode teenwoordig wees.

Besluit:

1. Goedgekeur.

2. Die Appèl van prof. B. Spoelstra word gestel. Vrae aan sy adres moet aan die Kommissie deurgegee word.

C. Die Appèl van prof. Spoelstra word gestel.

D. Ds. J.L. du Plooy stel die verweer namens die Suidelike Part. Sinode.

E. **Besluit:** Die Appèl word na die Kommissie Kerkregtelike Sake II verwys.

F. APPÈL:

1. Inleiding

Dit spyt my om u kosbare tyd met hierdie appèl op te neem. Die appèl is nie teen 'n persoon gemik wat as predikant bevestig sou word nie, maar wil die Sinode vra of die wese en heiligheid van die diens van VDM in die GKSA gehandhaaf word soos Skrif en Kerkorde voorskryf. Die GKSA pretendeer dat Christus dienaars basies tot sy diens roep (Calvyn: Inst. IV.3.1, NGB 31, 32, Formuliere) en dat ons die roeping aan innerlike en uiterlike eienskappe kan ken. Of ons daarvan hou of nie word in die GKSA al meer van genootskaplike sinodokrasie en "presedente" in "besluite" uitgegaan en "amp" gesekulariseer tot 'n professie in 'n kerkbedryf in belang van en op sterkte van opleiding en "bekwaamheid" van kandidate. Kerkvergaderings bepaal dan wie mag dien (vgl. bv. toelating van vroue op gesag van Sinodes in genootskaplike kerke terwyl Rome dit op Skrifgronde afwys, *Die Kerkblad*, 28.2.96 p. 4).

2. Ontvanklikheid van appèl

2.1 Ek het aan die Deputaat vir Korrespondensie van die Suidelike Part. Sinode per faks op 31 Desember 1994 kennis gegee van hierdie appèl en hom versoek om bylaes wat ek aan die Suidelike Part. Sinode voorgelê het, beskikbaar te hê vir die Sinode van 1997.

2.2 Ek het dieselfde dag aan die Deputate vir Korrespondensie van die Nasionale Sinode kennis gegee.

2.3 Ek sal DV die appèl voor of op 6 Januarie 1997 na die Admin. Buro faks.

3. Agtergrond vir die appèl

3.1 *Afwys van beswaar teen approbasie 18.9.95*

3.1.1 Ondergetekende het 5.9.95 (voor bevestiging) beswaar teen bevestiging van 'n proponent in die Dordrecht-kombinasie gemaak.

3.1.2 Ek was op hoogte met die redes waarom die persoon enkele jare tevore onder art. 79/80 KO as predikant afgesit was en waarvolgens hy nie oor die getuienis t.o.v. sy lewe beskik het wat vir bevestiging van predikant nodig is nie. Ek het my beswaar aan die Kerkraad op 1 Tim. 3:1-7, Tit. 1:6, 7 en 1 Pt. 5:3 gegrond wat as vereistes stel dat die opsiener oor getuienis moet beskik dat hy onberispelik, man van een vrou, ingetoë, heilig, selfbeheersd en 'n goeie voorganger in sy huis moes wees - getuienis wat selfs "buitestanders" moet onderskryf - en so 'n voorbeeld moet wees.

3.1.3 Ek het in punt 3 van my beswaar my op art. 80 KO beroep en gewys dat "by die wêreld eerloos" op 'n *despositio major* slaan wat die wêreld in regshandelinge toepas op prokureurs, eksekuteurs en persone wat insolvent gaan of hulle aan trust wat met hulle beroep verband hou, vergryp.

3.1.4 Ek het in 'n vierde punt gestel dat finansiële oorwegings (vir die swak kombinasie en pensioen vir die persoon) die beroep bewerk het. Dit is nie verkeerd bewys nie.

3.1.5 Die Kerkraad van Dordrecht (was dit die Kerkraad?) het "deputate" van die Kerkraad van Burgersdorp bygeroep toe die drie Kerkrade in kombinasie my beswaar behandel het en volgens die ondertekening het Dordrecht en Burgersdorp die beswaar afgewys. Die besluit van 18.9.95 kom kortliks op die volgende neer:

3.1.5.1 Die Sinode van 1973 het 'n "prinsipiële besluit" geneem wat my beswaar teen approbasie van die beroep uitfasseer.

3.1.5.2 Die Part. Sinode N-Tvl 1994 het die kandidaat beroepbaar gestel en daarom is my beswaar op Skrifgronde teen approbasie (art. 4 KO) irrelevant omdat dit slaan op materie voor proponentseksamen.

3.1.5.3 Op grond van die beroepbaarstelling moet my beswaar volgens art. 30 KO "in die vergadering van genoemde Part. Sinode" behandel word. Die Kerkrade verwys dit nie daarheen nie, maar gaan met bevestiging deur.

3.1.5.4 Ek word 'n dwaling verwyd omdat ek van *despositio major* uitgaan.

3.1.6 Burgersdorp tree in stryd met art. 30 KO (i.p.v. die ander twee Kerkrade in kombinasie) saam met Dordrecht na vore in die besluit op my beswaar. Die besluit beoordeel nie die materie van die beswaar van 5.9.95 nie. Begrip van die selfstandigheid van die Kerkraad as enigste permanente regeerliggaam ontbreek en die materie uit die Skrif word soos in die valse kerk met 'n beroep op kerklike strukture en besluite (Sinode 1973, Part. Sin. N-Tvl 1994) ter syde gestel - sonder dat die relevansie van die besluite op my besware aangetoon word. 'n *Peremtoire*- en approbasie-onderzoek (art. 4 en 30 KO) word versuim met 'n beroep op beroepbaarstelling (*preparatoire*) in N-Tvl 1994. Die Part. Sinode wat beroepbaar gestel het, word as permanente liggaam beskou waar ek my kragtens art. 30 KO moet voeg, terwyl as my beswaar op Skrif en Kerkorde hout gesny het, prosedure vir beswaarskrifte juis bepaal dat die Kerkrade die beswaar langs kerklike weg na 'n volgende Part. Sin. N-Tvl moes voer. Die Kerkrade moes kragtens art. 30 KO op die materie van my beswaar ingegaan het, of die saak vir *peremtoir*-onderzoek na die Klassis verwys het.

3.2 *Beroep op Klassis Burgersdorp 19.3.96*

3.2.1 Die GKSA pretendeer (art. 7, 29 NGB; art. 31 KO; Konsep-Geloofbriewe, Openlike Verklaring) dat hulle soewereiniteit van die reg in Skrif, Belydenis en Kerkorde teenoor besluite van kerkvergaderings handhaaf. Die algemene reg soos in die hof toegepas, vereis dat kerke "voorskrifte van die Kerkorde" in kerkregering nakom (Pienaar, s.j.:57). Na my mening het die Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp 18.9.95 hulle op die soewereiniteit van kerkvergaderings (Sinode 1973, Part. Sin. N-Tvl 1994) teen die reg in my beswaar aangevoer, beroep en het regskenking plaasgevind (vgl. pt. 1.4 in appèl by Klassis 19.3.95).

3.2.2 As gronde het ek in my appèl van 25.2.96 by die Klassis Burgersdorp 19.3.96 kragtens art. 31 KO aangevoer en skriftelik toegelig:

3.2.2.1 Die vergadering wat my beswaar ter syde gestel het en die beroep probeer het was in stryd met die Kerkorde saamgestel (punte 2.1 en 3.1).

3.2.2.2 Die besluit is geen antwoord op die materie van die beswaar van 5.9.95, wat selfs sterker gestel kan word o.a. as die betekenis wat die Skrif heg aan die verhouding van die man tot sy vrou vir die relasie van Christus tot sy gemeente (Ef. 5:25-30) (punte 2.2, 3.2 en 2.6, 3.6) en plek wat die bedienaar van die Woord as opsiener in diens van Christus in die gemeente inneem. Neem hier in ag dat die opsiener bode, gesant, in sy diens verteenwoordiger van Christus en nie 'n professionele ampsbekleder in 'n genootskap nie is, (vgl. o.a.

Hd. 20:28, 1 Kor. 12:28, Ef. 4:11, 1 Tess 5:12, Op. 1:16, Spoelstra 1989:31 en 27v, 112v).

3.2.2.3 Die besluit van 18.9.95 stel kerkgesag by beroepbaarstelling bo die Skrif, Belydenis en Kerkorde (die soewereine reg) wat die Kerkrade te alle tye, selfs teen besluite van meerdere vergaderings, moet oorweeg en handhaaf (Appèl 2.4 en 3.4), optrede eie aan die genootskaplike valse kerk wat in art. 29 NGB aangedui word as die kerk wat op mense steun en kerkgesag bo die Woord van God stel (punte 2.3, 3.3.1).

3.2.2.4 Die besluit van 18.9.95 beroep hom formeel op en verwys na besluite van meerdere vergaderings sonder dat uit daardie besluite aangetoon word dat die materie wat ek in my beswaar aangevoer het, in daardie besluite beantwoord is (punte 2.4, 3.4).

3.2.2.5 Die soewereiniteit wat die Kerkrade 18.9.95 formeel aan kerkvergaderings op grond van prosedure vir 'n aansoek tot (Sinode 1973) en beroepbaarstelling deur 'n Part. Sinode (N-Tvl 1994) toeskryf, veroorsaak dat die Kerkrade hulle plig (t.o.v. approbasie) en t.o.v. die Klassis (*peremptoire*) wat in art. 4 KO bepaal word, ignoreer en daarmee die reg van die beswaar van 5.9.95 krenk (punte 2.5, 3.5).

3.2.2.6 In die proses van beroep op Klassis en Part. Sinode het aan die lig gekom dat die regskenking deur die Kerkraad(e) op 18.9.96 sterker gestel kan word, bv. dat 'n terloopse verwysing na "prosedure" (Sinode 1973) as 'n "prinsipiële besluit" geneem word op grond waarvan 'n beroep op art. 80 KO as *despositio major* as foutief en 'n dwaling beskou word (vgl. besluit 18.9.95 punte 2.3). Die "mening" word my toegedig, sonder dat ek daarvoor gehoor is, en my beroep op die Skrif en art. 80 KO op grond daarvan afgewys. My opvatting (is dit ter sake?) is dat 'n *despositio major* (art. 80) op meriete t.o.v. die aard van die "growwe sonde" ter syde gestel kan word. Daarvoor moet bewys word dat die "growwe sondes" nie meer die naam en eer van die kandidaat in "kerk en wêreld" in gedrang bring nie. My beswaar het gevra dat die Kerkraad(e) wat beroep hulle hieroor verantwoord. Om die beswaar buite orde te reël omdat die Kerkraad(e) slegs besware oor leer en lewe voor "beroepbaarstelling" sou oorweeg (Besluit 18.9.95 punt 2.5) is in stryd met Skrifvereistes van "onberispelik" (1 Tim. 3:2, Tit. 1:6-8).

Om die Skrifvereistes en die implikasies van *despositio major* (art. 80) ter syde te stel met 'n beroep op beroepbaarstelling deur formele kerkstrukture, krenk fundamentele reg in die Belydenis (art. 7 en 29 NGB). Die Kerkraad(e) wys egter my beroep op Skrif en Kerkorde af op sterkte van aannames t.o.v. status van 'n "proponent" wat 'n Part. Sinode verleen het (besluit 18.9.95 punt 2.4), 'n begrip wat die Skrif, Belydenis en Kerkorde nie ken nie en daarom nie as grond vir regspraak teen my beswaar geld nie.

3.2.2.7 Die Klassis Burgersdorp 19.3.96 is sonder 'n versoek van die Klassis of mandaat van die Suidelike Part. Sinode gepak met "deputate vanweë die Part. Sinode", wat te verwagte is in kerke wat meer op mense as op die Woord van God steun (art. 29 NGB). Die Klassis saam met deputate "vanweë die Part. Sinode" het die materie in my appèl nie beantwoord nie en die handeling van Dordrecht-Burgersdorp met swewende stellings en kortaf afwysing van appèlgronde wat hulle nie aan reg toets nie, verdedig. Die Klassis het selfs materie uit Sinode 1994 nou bygebring wat subjektief oor die kandidaat iets sê, maar niks oor die objektiewe vereistes t.o.v. "getuienis" wat "onberispelik" is nie. Soos in my beswaar 5.9.95 aangevoer, is ek my bewus dat berou iemand weer in die volle gemeenskap van die kerk herstel. Ek is my egter nie bewus van enige Skrif of Kerkordelike grond waardeur "berou" by die persoon *per se* die materie vir die afsetting onder art. 80 KO as getuienis by die toelating tot die diens van die Woord buite orde plaas nie. Die Klassis het selfs die Kerkraad(e) probeer verdedig met Skrifverwysings wat by implikasie my van gebrek aan "vergewensgesindheid" beskuldig, 'n feit wat ek in die beswaar 5.9.95 reeds bo kyf gestel het.

3.3 *Appèl na Part. Sinode 26.11.96*

Ondergetekende het op 10.11.96 hom kragtens art. 31 KO beroep op die Suidelike Part. Sinode van 26.11.96.

3.3.1 Die gronde vir appèl teen Klassis Burgersdorp 19.3.96 en by implikasie teen die Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp se besluit 18.9.95 was:

3.3.1.1 Die grondbeginsel in art. 31 KO en 7, 29 NGB. Daarin voer ek aan dat my beswaar op Skrif en Kerkorde berus het en die Kerkrade sowel as die Klassis versuim om soos art. 31 KO vereis my gronde te oorweeg en te beoordeel (appèlgrond 1).

3.3.1.2 Die willekeurige en nie-kerkordelike samestelling van kerkvergaderings (appèl punt 2.2). By die tyd het dit my opgeval dat die kerkordelike vergaderings vir approbasie en appèl telkens met persone (by Burgersdorp selfs "deputate" genoem) van buite in stryd met art. 30 KO gepak word. Die prosedure vir appèlsake reël wel dat die professor in Kerkreg bygebring kan word. Die Kerkorde gee geen mandaat aan konsulente of deputate vir korrespondensie om byvoorbaat deputate "van 'n naburige kerk of" deputate vanweë die Part. Sinode by die verantwoordelike vergaderings volgens art. 30 KO te betrek nie. Die willekeurige samestelling bevestig die grondprobleem: hierdie kerke steun meer op "mense" as op hulle taak om met die Skrif en Kerkorde waarop ek my beroep het, self die kerke te regeer (vgl. art. 29 NGB).

3.3.1.3 Die Skrif en Kerkorde (art. 79, 80) bepaal afsetting uit die diens (*despositio major*). In die GKSA is daar geen "amp-" en

kerksentriese genootskaplike bepaling soos by die GKN wat “herstel in die amp” reël nie. In die lig van die Skrifbewyse waarop ek my op 5.9.95 beroep het, moet daar by approbasie bewys word waarom die growwe sondes wat die *despositio major* veroorsaak by die getuienis wat vir toelating tot die diens vereis word, nie geldig is nie. Ek beroep my bepaaldelik ook op die konnotasie van growwe sondes wat ‘n “ampsdraer” by kerk en wêreld “eerloos” gemaak het (appèlgrond 2.3). Ek wil nadruk stel dat art. 80 KO en die Skrif objektief die aard van sondes by getuienis oorweeg (Hd. 6:3, 1 Tim. 3:1-7, Tit. 1:6-8; 1 Pt. 5:3) en nie horisontaal subjektief die reaksie van die sondaar op sy sonde as grond vir hertoelating tot die diens van rentmeester, gesant of bode van God leer nie. Slegs mense wat hulle vertrekpunt in die “kerk” as genootskap neem, kan redeneer dat elke ongesensueerde lidmaat van die genootskap weer tot die “amp” toegelaat kan word.

3.3.2 Die Part. Sinode het op 26.11.96 hierdie appèl van die hand gewys met ‘n uitspraak wat die volgende aanvoer:

3.3.2.1 T.o.v. appèlgrond 3 (3.3.1.3 hierbo) word wat ek aanvoer oor die objektiewe reg in art. 80 KO en konnotasie van die begrip “eerloos by die wêreld” grootliks geïgnoreer of ter syde gestel met die beroepbaarstelling van die betrokke kandidaat. Die Skrifgronde vir my beswaar van 5.9.95 word my “uitgangspunt” t.o.v. die kandidaat genoem, terwyl dit om die objektiewe getuienis met die oog op toelating tot die diens (*peremptoire*, art. 4 KO) gaan. Indien die argumentasie, met ‘n beroep op die status en struktuur van ‘n meerdere vergadering N-Tvl (as permanente struktuur waartoe ek toegang het?) opgaan, kan die gedeelte in art. 4 KO wat as “ten tweede” en “ten derde” aangedui word oor “toelating” tot die diens geskrap word en slegs bewys van beroepbaarheid en resente goeie attestasie by bevestiging vereis word. Die Kerkraad(e) verlé hulle verantwoordelikheid in stryd met art. 30 KO na meerdere vergaderings waardeur die oordeel oor die approbasie van die beroep by die Kerkrade verlé word na die meerdere vergadering wat ‘n ondersoek na beroepbaarheid doen. Indien die Part. Sin. N-Tvl die Skrifgronde moes beoordeel het, moes die Kerkrade my beswaar ter syde gestel het met die bewyse dat N-Tvl 1 Tim. 3 en Tit 1, sowel as die gevolge wat ‘n growwe sonde vir die eer van ‘n VDM het, ondersoek en beantwoord het. My beroep het dit tot plig en taak van die Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp 18.9.95, die Klassis 19.3.96 en/of die Suidelike Part. Sinode 26.11.96 gemaak om my beroep met materiële bewyse te beantwoord. Om my beroep op die Skrif ter syde te stel sonder materiële rekenskap met verwysing na ‘n beroepbaarstelling deur ‘n kerkvergadering is volgens die Belydenis eie aan die valse kerk (NGB 7, 29). Ek moet my kragtens art. 31 KO

op die Nasionale Sinode beroep t.o.v. my fundamentele beswaar van 5.9.95.

Ek stel dit aan die Sinode dat subjektiewe en horisontale argumente rondom die persoon van 'n kandidaat nie die objektiewe vereistes van die Skrif en implikasies van die *despositio major* ter syde stel nie - al sou die vereistes hoogsonpopulêr in die moderne permissiewe en horisontale samelewing wees wat die kerk as 'n bedryf met opgeleide dienaars beskou, waar die belange en professie van 'n persoon swaarder weeg as die eer van God en wat die Skrif oor die gevolge van growwe sondes sê (1 Sam. 13:13, 14; 1 Sam. 15:28). God vergewe die sonde van Dawid, maar die gevolge daarvan gaan ter wille van die eer van God deur (2 Sam. 12:9-13).

3.3.2.2 Die Part. Sinode beweer dat my appèlgrond Nr. 1 sekondêr t.o.v. grond Nr. 2 is (uitspraak 3.2, inleiding) waaruit voorliefde vir die formele en geringskating van die soewereiniteit van die reg in die Skrif blyk. My aandrang in die oorspronklike beswaar en in elke appèl dat by toelating tot die diens van die Woord die kandidaat getoets word aan die vereistes wat die Skrif stel, word telkens afgemaak met 'n bewering dat Part. Sinode N-Tvl dit in 1994 gedoen het "in terme van 1 Tim. 3 en Tit. 3)" - sonder dat die bewering uit stukke gestaaf word.

Die Part. Sinode wys 'n appèl van die hand in 3.2.2 op hoorsê getuienis, aangesien die besluit van 18.9.95 waarteen na die Klassis appèleer is en die uitspraak van die Klassis in gebreke bly om die verantwoording aan die vereistes van 1 Tim. 3 en Tit. 1 in die besluit van die Part. Sin. N-Tvl uit te wys. Ek stel dit aan die Sinode dat hierdie tipe uitsprake berus op die aanname (vgl. besluit 18.9.95 punt 2.1) dat Sinode 1973 'n "prinsipiële besluit" geneem het, terwyl die betrokke besluit 'n prinsipiële besluit" geneem het, terwyl die betrokke besluit 'n prinsipiële analise gee van gevalle wat onder art. 12 diens verlaat het en terloops na "prosedure" in gevalle onder art. 79/80 KO verwys (Sinode 1973:318, 3.2.2.4). Indien hierdie uitgangspunt gehandhaaf word, kan enige persoon volgens 'n bepaalde "prosedure" 'n geen-beswaar permit van 'n paar kerke (d.w.s. weer subjektiewe mense-oordeel) in 'n resente situasie kry en daarmee sy verlede, die gewig van redes vir sy afsetting en die bepaling in art. 80 wat selfs die Kerkrade toegee in die reë op *despositio major* neerkom (vgl. 18.9.95:2.1), ter syde stel. My beswaar van 5.9.95 berus op my kennis van die gewig van die growwe sondes wat tot afsetting gelei het. Growwe sonde (*hamartioon*) beteken dat 'n VDM blatant die doel wat God vir Christene onder sy sorg gestel het, mis. Indien daar bevind was dat die oortreding sodanig was dat die afsetting (soos 'n skorsing) opgehef is en deur die Kerkraad(e) by beroep buite rekening gelaat kon word, waarom word hierdie ondersoek en bevinding nie aan my

deurgegee nie? Die uitspraak is dus in terme van art. 31 KO regs krenkend.

3.3.2.3 Uitspraak op appèlgrond 2 gee 'n relaas oor hoe die samestelling van vergaderings plaasgevind het (Part. Sin. 3.3.3, 3.3.4) - maar beoordeel nie die feit dat Burgersdorp nie adviserend nie, maar mede besluitnemend opgetree het, selfs sonder dat ander kerke in kombinasie die besluit onderteken het en ek stel dit bygeroep was sonder dat die kerke in kombinasie daarvoor gevra het. Die "deputate vanweë die Part. Sinode" het mandaat om die Klassis in voorkomende moeilikhede by te staan (art. 49 KO), maar die mandaat is so ver my kennis strek in die geskiedenis van die artikel nie geldig vir appèlsake nie.

'n Appèllant het reg om te verwag dat die Klassis die appèl gaan oorweeg (art. 30, 31 KO) - en eers wanneer die Klassis sou vassteek en advies van die deputate van die Part. Sin." benodig, sou dit met die appèllant as inisiërende party in die saak uitgeklaar moet word. Die verlangde advies sal moet verband hou met die mandaat van die Part. Sinode aan die deputate, anders word hulle 'n bepaalde bestuursliggaam in die kerke (Bouwman 1934:214 e.v. vgl. p. 217: "gebonden zijn aan de opdracht hun verleend, en zijn daarom ook verantwoording schuldig aan de vergadering, die hen heeft benoemd"). Hoe verantwoord "deputate van die Part. Sin." hulle oor 'n appèl in 'n Klassis aan die volgende Part. Sinode wat soos in hierdie onderhawige geval ook 'n appèl teen die Klassis (met hulle "deputate" daarby) verhoor het? Die deelname van "deputate vanweë die Part. Sin." by 'n appèl in Klassis Burgersdorp 19.3.96 is in stryd met art. 30, 31, 49 KO en eie aan die genootskaplike kerkreg waar kommissies van meerdere vergaderings sake oor predikante by mindere vergaderings hanteer.

Vir my as appèllant bewys die willekeurige samestelling van die Kerkraad 18.9.95 en die Klassis 19.3.96 'n selferkende onvermoë by mindere vergaderings om met Skrif, Belydenis en Kerkorde te regeer soos die GKSA pretendeer om te doen.

3.3.2.4 Die regs krenking teen my beswaar van 5.9.95 loop dus by die Kerkrade, Klassis en Part. Sinode op dieselfde spoor en moet ek my op die Nasionale Sinode beroep.

4. Gronde vir die appèl

4.1 Vanweë die lang aanloop en verskillende instansies by die appèl betrokke, bevat bostaande punt 3 reeds 'n beredenering van besluite en gronde vir appèl daarteen. Die appèl trek uiteindelik saam op die reg tot approbasie van 'n beroep by 'n Kerkraad, die gronde wat aangevoer was teen approbasie van 'n bepaalde beroep, die ter syde stel van Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware met 'n algemene verwysing na beroepbaarstelling van 'n proponent deur Part. Sin. N-Tvl 1994 - en onwil of onvermoë om die materie van die beswaar

met materiële regsgronde uit Skrif, Belydenis en Kerkorde te beantwoord. Die uitsprake kom in elke gelid neer op 'n beroep op kerklike besluite waarmee beroep op Skrif, Belydenis en Kerkorde ter syde gestel word soos waar die valse kerk meer op mense steun, hom op sy eie besluite verlaat sonder om te vra of dit volgens Gods Woord is.

4.2 My besware teen die Part. Sinode wat laaste met die saak gehandel het, word in par. 3.3 hierbo aangedui en raak uiteraard weer die gronde vir appèl teen die Klassis.

4.3 Die gronde vir appèl teen die Klassis word veral in 3.2.1 en 3.2.2 hierbo aangedui en kortliks toegelig.

4.4 Die oorspronklike regskrenking deur die Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp op 18.9.95 word per slot van sake slegs deur die Klassis en Part. Sinode gehandhaaf, sonder om materieël te antwoord op my besware van 5.9.95. Ek dui die regskrenking aan in 3.1.2, 3.1.3, 3.1.4 en 3.1.6 hierbo.

4.5 *Ek heg hierby as bylaes aan*

4.5.1 Die beswaar van 5.9.95;

4.5.2 Die besluit van Kerkrade 18.9.95;

4.5.2 Die appèl na Klassis Burgersdorp 25.2.96;

4.5.3 Die uitspraak van die Klassis 19.3.96;

4.5.4 Die appèl na die Part. sinode 25.11.96;

4.5.5 Die uitspraak van die Part. Sinode 26.11.96.

Mag die Here hierdie appèl gebruik om die naam en eer van dienaars wat hy roep en hulle verantwoordelikheid as gesante van die Koning van die Kerk in die GKSA te verseker.

G. Ds. H.J.P. de Beer rapporteer namens die Kommissie.

H. Repliek word gelewer deur die toeligter van die Kommissierapport en die verweerders by monde van ds. J.L. du Plooy. Die appellant is nie teenwoordig om repliek te lewer nie nadat hy kennis gegee het dat hy nie in die vergadering teenwoordig sal wees nie.

I. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Appèl teen ongenommerde besluit van Suidelike Part. Sinode op 'n appèl teen 'n uitspraak van Klassis Burgersdorp 19.03.96. Notule artikel 80.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan Sinode kennis neem

2.1 *Die volgende stukke is deur die Kommissie bestudeer*

2.1.1 Die appèlskrif

2.1.2 Die beswaar van die appellant van 1995.09.05

2.1.3 Die besluit van Kerkrade van 1995.09.18

2.1.4 Die appèl na Klassis Burgersdorp van 1996.02.25

- 2.1.5 Die uitspraak van die Klassis van 1996.03.19
- 2.1.6 Die appèl na die Suidelike Part. Sinode van 1996.11.10
- 2.1.7 Die rapport van die appèlkommissie van 1996.11.26 en die besluit daaroor
- 2.1.8 Die kombinasie-akte van die Gereformeerde Kerke Dordrecht, Jamestown en Molteno
- 2.2 *Die Kommissie het die toeligting van die verweerder in die volle Sinode aangehoor*
- 2.3 Die Kommissie het in teenwoordigheid van die verweerder aan die appellant geleentheid vir toeligting gegee en aan hom inligtingsvrae gestel.
- 2.4 Die Kommissie het in teenwoordigheid van die appellant aan die verweerder geleentheid gegee vir verdere toeligting en aan hom inligtingsvrae gestel.
- 2.5 Die Kommissie het ook ander afgevaardigdes na die Sinode aangehoor.
- 2.6 Die Kommissie het die appèlskrif bestudeer en ontleed om duidelikheid oor die presiese gronde en beredenering van die gronde vas te stel.
- 2.7 Die besluit van die Suidelike Part. Sinode 1996.11.26 waarteen die appèl gerig is:
Rapport van Appèlkommissie Prof. B. Spoelstra p.3
“5. Besluit
Die appèl slaag nie op grond van appèlgrond 3 nie.
Die appèl slaag nie op grond van appèlgrond 1 nie.
Die appèl slaag nie op grond van appèlgrond 2 nie.
Die Kommissierapport word eenparig in geheel goedgekeur.”
- 2.8 Die beredenering ten opsigte van die appèlgronde deur die appellant word vervat in punt 3 van die appèl.

2.9 *Appèlgronde*

2.9.1 Appèlgrond 1 (4.1 van appèl)

Die appellant voer aan dat die appèl in die volgende saamtrek:

2.9.1.1 Die reg tot approbasie van beroep by ‘n Kerkraad

2.9.1.2 Die gronde aangevoer teen approbasie teen die bepaalde beroep

2.9.1.3 Die tersydestelling van Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware met verwysing na beroepbaarstelling van ‘n proponent deur Part. Sinode N-Tvl. 1994.

2.9.1.4 Onwil of onvermoë om die materie van die beswaar met materiële regsgronde uit Skrif, Belydenis en Kerkorde te beantwoord.

2.9.2 Appèlgrond 2 (4.2 van appèl)

Besware teen besluit Suidelike Part. Sinode soos gestel in 3.3 van appèl:

- 2.9.2.1 Versuim om beswaar gegrond op Skrif en Kerkorde te oorweeg en te beoordeel (3.3.1.1 van appèl)
- 2.9.2.2 Die willekeurige en nie-kerkordelike samestelling van genoemde kerkvergaderings (3.3.1.2 van appèl)
- 2.9.2.3 Die Skrif en Kerkorde bepaal afsetting uit die diens (art. 79, 80 KO) (3.3.1.3 van appèl)

2.9.3 Appèlgrond 3 (4.3 van appèl)

Gronde vir appèl teen Klassis Burgersdorp soos gestel in 3.2.1 en 3.2.2 van appèl:

- 2.9.3.1 Betrokke vergadering in stryd met Kerkorde saamgestel (3.2.2.1 van appèl)
- 2.9.3.2 Besluit gee geen antwoord op materie van beswaar soos op 5.9.95 (3.2.2.2 van appèl)
- 2.9.3.3 Kerkgesag bo Skrif, Belydenis en Kerkorde gestel (3.2.2.3 van appèl)

2.9.4 Appèlgrond 4 (4.4 van appèl)

Die oorspronklike regs krenking van Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp word deur Klassis en Part. Sinode gehandhaaf in:

- 2.9.4.1 Skrifvereistes ten opsigte van opsiener (3.1.2 van appèl)
- 2.9.4.2 Beroep op art. 80 Kerkorde (3.1.3 van appèl)
- 2.9.4.3 Beweerde finansiële oorwegings (3.1.4 van appèl)
- 2.9.4.4 Samestelling van vergaderings (3.1.6 van appèl)

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. **Beoordeling van appèlgronde (beredenering)**

3.1 Appèlgrond 1 (4.1 van appèl)

3.1.1 Die reg tot approbasie van beroep by 'n Kerkraad

Die appellant beweer die reg tot approbasie van 'n beroep by die Kerkraad van Dordrecht is verlê in stryd met KO art 30 na meerdere vergaderings wat 'n ondersoek na beroepbaarheid doen. Dit sou gebeur het deurdat die vergaderings verwys na beweerde besluite van Part. Sinode N-Tvl. 1994 ten opsigte van sy besware, sonder om self die besware te beoordeel of duidelik aan te toon dat dit beoordeel is.

Beredenering

Die appellant beweer dat die reg tot approbasie van beroep by 'n Kerkraad gekrenk is. Wat verstaan moet word onder "die reg tot approbasie van 'n beroep by 'n Kerkraad" moet eers gekontroleer word.

Kerklike approbasie word in die Kerkorde gereël in:

1. KO, art. 4: "... ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie ..."

2. KO, art. 22 & 24: "... (dit) staan elke Kerkraad vry om ... saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge/diakens aan die gemeente vir approbasie voor te dra ... Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is, en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig ..."

Dit blyk in hierdie artikels dat approbasie nie bloot gelyk is aan goedkeuring nie, maar veel eerder dui op ondersoek en toetsing aan die vereistes wat die Skrif stel vir dienswerk van ouderlinge (ook die wat arbei in Woord en leer - 1 Tim. 5:17) en diakens in 1 Tim. 3:1-10, Tit. 1:6-11 en 1 Pet. 5:1-3.

Wanneer 'n naam van 'n beroepe proponent of 'n verkose ouderling of diaken aan die gemeente voorgelê word, het die gelowiges die reg en die verantwoordelikheid, om beswaar teen enige een by die Kerkraad in te dien. Die Kerkraad het dan die plig om vas te stel of dit 'n wettige beswaar is.

Al het die betrokke Kerkrade klaarblyklik in die lig van die besluit van die GKSA (Handelinge: 1970 art. 62, p. 122) ten opsigte van die toepassing van KO art. 4: "om slegs een eksamen te bepaal vir voornemende bedienaars van die Woord" en om "die een eksamen weer terug te bring na die partikuliere sinodes" en "Die eksamen word met die oog op beroepbaarstelling en bevestiging in die amp afgeneem deur die partikuliere sinode ..." (vgl. Kerkordeboekie 1980:37), hef dit nie die plig van die plaaslike kerk op om die wettigheid van 'n beswaar teen die bevestiging van 'n proponent, ouderling en diaken selfstandig te beoordeel nie.

Uit die stukke (besluit "classis contracta") is dit duidelik dat die betrokke vergadering nie ondersoek gedoen het na die spesifieke besware nie, maar geoordeel het dat die Part. Sinode N-Tvl. 1994 reeds hieroor gehandel het, aangesien hulle die beroepbaarstelling behartig het. Geen bewyse is aan die appellant verskaf dat die betrokke besware wel deur die betrokke vergadering (Part. Sinode N-Tvl. 1994) behandel is nie.

Bevinding

Die appellant toon aan dat die Kerkrade nie sy oordeel oor approbasie uitgeoefen het ten opsigte van sy betrokke besware nie, maar dit oorgelaat het aan die Part. Sinode N-Tvl 1994. Regskrenking is aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die bevinding onder 3.1.1 word afgekeur. In appèlgrond 1 is nie regskrenking bewys nie. Appèlgrond 1 slaag nie.

Motivering: Die appellant opper besware oor die bevestiging van 'n Woordbedenaar wat by sy toelating tot proponering deur Part. Sinode Noord-Transvaal 1994 geopper moes word (KO, art.4). Part. Sinode Noord-Transvaal 1994 het die betrokke na ondersoek en eksaminering tot proponering toegelaat. Die Kerkraad van

Dordrecht se reg tot approbasie by die beroeping van die betrokke hou nie in om weer oor besware te handel wat reeds deur Part. Sinode Noord-Transvaal 1994 afgehandel moes gewees het nie (KO, art.46).

3.1.2 Die gronde aangevoer teen approbasie teen die bepaalde beroep

Die appellant beweer dat sy regskenking saamtrek in die gronde wat hy aangevoer het teen approbasie van die bepaalde beroep. Dit het tot plig en taak gemaak van Kerkrade van Dordrecht-Burgersdorp, die Klassis en Suidelike Part. Sinode, om sy besware met materiële bewyse te beantwoord.

Beredenering

Uit die stukke is dit duidelik dat die betrokke vergaderings dit nie as hulle taak en plig geneem het om die besware met materiële bewyse te beantwoord nie, maar dat hulle die appellante verwys het na 'n besluit van Part. Sinode N-Tvl. 1994 en die Nasionale Sinode 1973.

Bevinding

Die appellant toon aan dat die vergaderings nie die gronde wat hy teen approbasie van die bepaalde beroep aangevoer het met materiële bewyse beantwoord het nie. Regskrenking is aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die bevinding van die Kommissie word afgekeur. In appèlgrond 1 is nie regskenking bewys nie. Appèlgrond 1 slaag nie.

Motivering: Vergelyk hierbo by 3.1.1.

3.1.3 Die tersyde stelling van Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware met verwysing na beroepbaarstelling van 'n proponent deur Part. Sinode N-Tvl. 1994 (3.3.1.3 van appèl)

Die appellant beweer die tersyde stelling van Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware met die verwysing na beroepbaarstelling van die proponent deur die Suidelike Part. Sinode.

Beredenering

In die appèlskrif aan die Suidelike Part. Sinode, maak die appellant nie beswaar teen die beroepbaarstelling nie, maar maak gebruik van die reg tot approbasie van die beroep (2.3.1 van appèl teen besluite van Klassis Burgersdorp). Hierop antwoord die Part. Sinode dat die Klassis Burgersdorp hulle weerhou het daarvan om die beroepbaarstelling van die betrokke van nuuts af te oorweeg in lyn met KO art. 30. Daardeur word aangevoer dat die goeie reg van Part. Sinode N-Tvl. (1994) gehandhaaf is.

Die versoek tot beoordeling van die gestelde Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware, is deel van die uitoefening van approbasie en sou geensins die geldigheid van besluite van Part. Sinode N-Tvl. in gedrang gebring het nie.

Bevinding

Die Part. Sinode het inderdaad die Skrif- en Kerkorde gefundeerde besware met die verwysing na die beroepbaarstelling van die proponent tersyde gestel. Regskrenking is dus aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die Kommissie se bevinding word afgekeur. In Appèlgrond 1 is nie regskrenking bewys nie. Appèlgrond 1 slaag nie.

Motivering: Vergelyk hierbo by 3.1.1.

3.1.4 Die onwil of onvermoë om die materie van die beswaar met materiële regsgronde uit Skrif, Belydenis en KO te beantwoord

Die appellant beweer 'n onwil of onvermoë om die materie van die beswaar met materiële regsgronde uit die Skrif, Belydenis en Kerkorde te beantwoord.

Beredenering

Daar het geen bewys op hierdie Sinode gedien wat staaf dat die materie van beswaar met materiële regsgronde beantwoorde is nie.

Bevinding

Die appellant het onvermoë by die Suidelike Part. Sinode aangetoon deurdat slegs verwys is na 'n besluit van 'n ander vergadering (Part. Sinode N-Tvl. 1994). Regskrenking is gevolglik aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die Kommissie se bevinding word afgekeur. In Appèlgrond 1 is nie regskrenking bewys nie. Appèlgrond 1 slaag nie.

Motivering: Vergelyk hierbo by 3.1.1.

3.2 *Appèlgrond 2* (4.2 van appèl)

3.2.1 Versuim om beswaar gegrond op Skrif en Kerkorde te oorweeg en te beoordeel (3.3.1.1 van appèl)

Die appellant beweer dat die Suidelike Part. Sinode versuim het om besware gegrond op Skrif, Belydenis en Kerkorde te oorweeg en te beoordeel ten opsigte van sy aangevoerde appèlgrond 1. Hy beweer dat sy besware tersyde gestel is, sonder materiële rekenskap, met verwysing na 'n beroepbaarstelling deur 'n kerkvergadering.

Beredenering

In die regspraak oor appèlgrond 1 beredeneer die Part. Sinode dat die besware van die appellant wel getoets en beantwoord is deur die Part. Sinode N-Tvl. Dit gebeur egter sonder om enige bewyse daarvoor aan te bied, hetsy deur die betrokke antwoorde weer te gee of deur na die betrokke plekke in die acta van die Sinode te verwys.

Bevinding

Die Part. Sinode het, deur die verwysing na beroepbaarstelling deur 'n kerkvergadering, versuim om besware te oorweeg en te beoordeel. Regskrenking is gevolglik aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die Kommissie se bevinding word afgekeur. In Appèlgrond 2 is nie regskrenking bewys nie. Appèlgrond 2 slaag nie.

Motivering: Vergelyk hierbo by 3.1.1.

3.2.2 Die willekeurige en nie-kerkordelike samestelling van genoemde kerkvergaderings (3.3.1.2 van appèl)

Die appellant beweer willekeurige en nie-kerkordelike samestelling van genoemde kerkvergaderings (appèlgrond 2). Die appellant voer aan dat die kerkordelike vergaderings vir approbasie en appèl, met persone van buite in stryd met KO art. 30 gepak is.

Beredenering

Hier moet onderskei word tussen:

1. die gekombineerde kerkraadsvergaderings van Dordrecht, Jamestown en Molteno met deputate van Burgersdorp van 1995.09.18 en

2. die Klassis Burgersdorp met deputate van die Suidelike Part. Sinode van 1996.03.19.

1. Dit het kerklike gebruik geword dat plaaslike kerke na analogie van KO art. 79 in voorkomende gevalle die hulp en advies van 'n naburige Kerkraad of deputate van twee naburige Kerkrade inroep in plaas van om te wag vir die volgende Klassis (vgl. KO art. 41 - "Die praeses moet onder andere vra ... of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die Klassis vir sy regte bestuur nodig het ..."). So 'n vergadering staan ook bekend as 'n "classis contracta".

Alhoewel die GKSA (Handelinge 1907:art. 115, p. 47), by KO art. 79 besluit het: "'n Kommissie moet gedeputeer word en nie die hele Kerkraad van 'n naasgeleë gemeente nie" moet dit as onwys beskou word, indien so 'n kommissie nie ten minste 'n kworum van die Kerkraad uitmaak nie.

Die kommissie het vasgestel dat die vergadering van 1995.09.18 'n gekombineerde kerkraadsvergadering met deputate van 'n naburige Kerkraad was, met 'n konsulentsvoorsitter en nie Dordrecht se skriba nie, maar die skriba van die gekombineerde kerkraadsvergadering.

In die lig van voorgaande kan nie bewys word dat die kerkvergadering van 1995.09.18 "willekeurig en nie-kerkordelik" saamgestel is nie.

2. KO, art. 49 reël: "elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die partikuliere sinode benoem in elk geval deputate om aan Klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede .." Hierdie deputate word ook in KO, art. 4, 11, 12, 13 en 79 by name genoem.

Die feit dat die deputate deur die roepende Kerkraad van die Klassis Burgersdorp in oorleg met die deputaat vir korrespondensie en op versoek van die kombinasie Dordrecht/Jamestown/Molteno opgeroep is, het die Klassis nie voor 'n voldonge feit gestel nie. Vanweë die uitgestrektheid van die ressort van die Suidelike Part. Sinode, sou dit onwys gewees het om eers te wag tot die Klassis Burgersdorp self die behoefte aan hul van die deputate bepaal het, om hulle dan op te

roep. Aan die Suidelike Part. Sinode 1996.11.26 was volgens die rapport van die Appèlkommissie (punt 3.3.4) bekend dat die Klassis die optrede van die roepende Kerkraad goedgekeur het (Klassis acta: art. 5, p. 4).

Uit voorafgaande blyk die oordeel van die Suidelike Part. Sinode: “in die lig tyds-, afstand- en kosteoorwegings, oordeel u kommissie dat die Klassis verstandig opgetree het” korrek te wees.

Bevinding

Bewys dat die Klassis Burgersdorp met deputate van die Suidelike Part. Sinode van 1996.03.19 “willekeurig en nie-kerkordelik” saamgestel is, ontbreek. Regskrenking is nie aangetoon nie.

Besluit: Kennis geneem. Die bevinding van die Kommissie word goedgekeur.

3.2.3 Die Skrif en Kerkorde bepaal afsetting uit die diens (KO art. 79/80) (3.3.1.3 van appèl)

Die appellant beweer dat Skrif en Kerkorde afsetting uit die diens bepaal (*depositio major*). In die lig van Skrifbewyse en ‘n beroep op art. 80 KO moet by approbasie bewys word waarom die growwe sondes wat die permanente ongeskiktheid vir diens veroorsaak het, nie geld nie (appèlgrond 3).

Beredenering

Die Suidelike Part. Sinode verwys in antwoord op die appèlgrond slegs na ‘n optrede van Klassis Burgersdorp in sy oordeel oor die appèl, waardeur die Klassis hom sou weerhou het om sogenaamd in stryd met KO art. 31 op te tree ten opsigte van ‘n besluit van Part. Sinode N-Tvl. 1994. Geen bewyse sou volgens die Suidelike Part. Sinode nodig wees op grond van KO art. 31 nie.

Die reg op uitoefening van approbasie vereis egter ‘n antwoord, hetsy deur begronde beredenering, of aanhaling, van besluite in acta van vergaderings waarmee die Kerkraad hulle in hul antwoord hierop, vereenselwig.

Bevinding

Die appellant het nie antwoord op hierdie appèlgrond ontvang nie. Regskrenking is aangetoon.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding. Die bevinding van die Kommissie word afgekeur. In appèlgrond 2 word nie regskrenking bewys nie. Appèlgrond 2 slaag nie.

Motivering: Part. Sinode Noord-Transvaal 1994 het ‘n besluit geneem dat die betrokke mag proponeer. Die beswaar van die appellant behoort eweneens teen daardie besluit gemaak te word en nie by die Kerkraad wat op grond van die besluit van Part. Sinode Noord-Transvaal 1994 sy weg oopgesien het om ‘n beroep op die betrokke uit te bring nie.

3.3 *Appèlgrond 3* (4.3 van appèl)

Die appellant verwys na sy gronde vir appèl teen Klassis Burgersdorp soos gestel in 3.2.1 en 3.2.2. Hierdie materie was vir die agenda van die Suidelike Part. Sinode en kan nie so weer in behandeling geneem word nie. Die wel tersaaklike materie is egter onder appèlgronde 1 en 2 aan die orde gebring, en hoef hier nie weer beredeneer te word nie.

Bevinding

Nie vir behandeling en uitspraak deur die Nasionale Sinode nie.

Besluit: Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die Kommissie se bevinding word afgekeur. In Appèlgrond 3 word nie regskenking bewys nie. Appèlgrond 3 slaag nie.

3.4 *Appèlgrond 4* (4.4. van appèl)

Die appellant verwys na die oorspronklike regskenking deur Kerkrade Dordrecht-Burgersdorp in 3.1.2, 3.1.3, 3.1.4 en 3.1.6 van sy appèl. Hierdie materie was vir die agenda van die Klassis Burgersdorp en kan nie so weer in behandeling geneem word nie. Die wel tersaaklike materie is egter onder appèlgronde 1 en 2 aan die orde gebring, en hoef hier nie weer beredeneer te word nie.

Bevinding

Nie vir behandeling en uitspraak deur die Nasionale Sinode nie.

Besluit Kennis geneem met uitsondering van die bevinding.

Die Kommissie se bevinding word afgekeur. In Appèlgrond 4 word nie regskenking bewys nie. Appèlgrond 4 slaag nie.

4. Aanbeveling

4.1 *Appèlgrond 1* (3.1 van Rapport)

4.1.1 Ten opsigte van 3.1.1: Appèl slaag op hierdie grond.

4.1.2 Ten opsigte van 3.1.2: Appèl slaag op hierdie grond.

4.1.3 Ten opsigte van 3.1.3: Appèl slaag op hierdie grond.

4.1.4 Ten opsigte van 3.1.4: Appèl slaag op hierdie grond.

4.1.5 Appèl slaag op Appèlgrond 1.

4.2 *Appèlgrond 2* (3.2 van Rapport)

4.2.1 Ten opsigte van 3.2.1: Appèl slaag op hierdie grond.

4.2.2 Ten opsigte van 3.2.2: Appèl slaag nie op hierdie grond nie.

4.2.3 Ten opsigte van 3.2.3: Appèl slaag op hierdie grond.

4.2.4 Appèl slaag op Appèlgrond 2.

4.3 *Appèlgrond 3* (3.3 van Rapport)

4.3.1 Appèl slaag nie op Appèlgrond 3 nie.

4.4 *Appèlgrond 4* (3.4 van Rapport)

4.4.1 Appèl slaag nie op Appèlgrond 4 nie.

4.5 *Samevatting*

Die appèl slaag op Appèlgrond 1 en Appèlgrond 2. Hierdie appèlgronde maak die wese van die appèl uit. Die appèl teen die ongenommerde besluit van Suidelike Part. Sinode slaag.

Besluit: Kennis geneem. ‘n Nuwe punt 4 word ingevoeg wat soos volg lui:

“4. Samevattende besluit: Die appèl slaag in sy geheel nie.”